

EKWIVALENSIE OP WOORD- EN SINSVLAK IN DIE VERTALING

VAN LITERÊRE WERKE UIT NOORD-SOTHO IN AFRIKAANS

Christelle le Roux

B.A. (Ed.); B.A. Hons. (Afrikatale)

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad Magister Artium in Toegepaste Taalstudie in die
Departement Engelse Taal- en Letterkunde aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Dr. H.G. van Wyk (PUCHO)

Hulpstudieleier: Mnr. W.J. Pretorius (RAU)

Potchefstroom

2000

ERKENNING

Erkenning word verleen aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) vir finansiële bystand met hierdie studie. Menings uitgespreek in hierdie navorsing en gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dié van die navorser en nie noodwendig van die Raad nie.

DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies wie se hulp die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het:

1. My studieleier, dr. H.G. van Wyk, vir sy geduld, waardevolle hulp en doelgerigte leiding.
2. My hulpstudieleier, mnr. W.J. Pretorius van die RAU, vir sy positiewe insette, leiding en opbouwende kritiek.
3. My ouers vir hul belangstelling, begrip en voortdurende ondersteuning.
4. My suster, dr. M. le Roux, vir haar waardevolle raad, insette en aanmoediging.
5. Die RGN vir hul finansiële bystand waarsonder die voltooiing van hierdie studie nie moontlik sou gewees het nie.
6. Die SAPD vir die geleentheid tot verdere studie tydens studieverlof.

Soli deo Gloria!

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK EEN: INLEIDING

1.	Agtergrond en probleemstelling	1
2.	Doelstellings	4
3.	Hipotese/sentrale teoretiese stelling	5
4.	Navorsingsmetode	5
5.	Die waarde van vertaling van Noord-Sotho literêre werke	10
6.	Oorsig oor hoofstukindeling	10

HOOFSTUK TWEE: EKWIVALENSIE

2.1.	Inleiding	12
2.2.	Die begrip ekwivalensie	12
2.3.	Die tipes ekwivalensie	17
2.3.1.	Dinamiese ekwivalensie	18
2.3.2.	Formele ekwivalensie	19
2.3.3.	Kommunikatiewe en semantiese ekwivalensie	20
2.3.4.	Kognitiewe ekwivalensie	28
2.3.5.	Ekwivalensie van vorm	30
2.4.	Die verskillende tipes vertaling	32
2.4.1.	Die referensiële (informatiewe) funksie in vertaling	33
2.4.2.	Die ekspressiewe funksie in vertaling	33
2.4.3.	Die appellatiewe (fokatiewe) funksie in vertaling	35
2.4.4.	Die fatiese funksie in vertaling	35
2.4.5.	Die ekspressiewe funksie in vertaling	37
2.4.6.	Die komposisionele funksie in vertaling	37

2.4.7.	Die metalinguistiese (omskrywings-) funksie in vertaling	37
2.4.8.	Die situasionele funksie in vertaling	38
2.5.	Linguistiese en kulturele diversiteit en ekwivalensie	41
2.5.1.	Die begrip linguistiese diversiteit	41
2.5.2.	Die begrip kulturele diversiteit	44
2.5.2.1.	Die term <i>Landeskunde</i>	45
2.6.	Metafore, spreekwoorde en idiome	48
2.6.1.	Omskrywing en analise van metafore, spreekwoorde en idiome	48
2.6.2.	Die beginsel van totaliteit	51
2.6.3.	Die metafoor as interaksie van verwysingsrame Hrushovski se teorie van verwysingsrame, 1984	54
2.6.4.	Die vertaling van metafore	54
2.6.5.	Die soorte metafore en probleme met die vertaling daarvan	59
3.	Gevolgtrekking	66

HOOFSTUK 3: DIE VERTALING VAN 'N NOORD-SOTHO EPIESE GEDIG

INLEIDING		68
3.1.	Vertaalbaarheid en doeltreffende vertaling	68
3.2.	Kommunikasie as vereiste vir 'n geslaagde vertaling	76
3.2.1.	Die kommunikasieproses in vertaling	77
3.3.	Die literêre vertaalproses	87
3.3.1.	Spesifieke probleme met betrekking tot literêre vertaling	89
3.4.	'n Genre-indeling van literêre werke in Noord-Sotho	92

3.5.	Die waarde van die vertaling van Noord-Sotho literêre werke	94
3.6.	Samevatting	96

HOOFSTUK 4: PROBLEME BY DIE VERTALING VAN LITERÊRE WERKE UIT NOORD-SOTHO IN AFRIKAANS EN RIGLYNE VIR MOONTLIKE OPLOSSINGS

4.1.	Inleiding	97
4.2.	Oorsig oor die gebeure in <i>Sebilwane</i>	98
4.3.	Probleme wat met die vertaling van <i>Sebilwane</i> in Afrikaans ondervind is	100
4.3.1.	Leksikon	106
4.3.1.1.	Die afwesigheid van lidwoorde in Noord-Sotho	106
4.3.1.2.	Die gebruik van dieselfde persoonlike en besitlike voornaamwoord, asook onderwerpsmorfeme vir al die selfstandige naamwoorde in klas 1	108
4.3.1.3.	Die leksikon van Afrikatale	112
4.3.1.4.	Deverbatiewe naamwoorde	113
4.3.1.5.	Die konnotasies van leksikale items	114
4.3.1.6.	Verskeidenheid van diskoersvlakke en registers van woorde	115
4.3.1.7.	Eienskappe van geskrewe taal vs. eienskappe van gesproke taal	116
4.3.1.8.	Probleme as gevolg van idiomatiese gebruik	119
4.3.1.9.	Woordspeling	120
4.3.1.10.	Vertaling van eiename	121
4.3.1.11.	Ideofone	122
4.3.1.12.	Tussenwerpsels	123
4.3.1.13.	Diminutiewe (verkleinwoorde)	124
4.3.2.	Sintaktiese kenmerke	125

4.3.2.1.	Die probleem van woordvolgorde	125
4.3.2.2.	Beklemtoning in Noord-Sotho	127
4.3.2.3.	Die gebruik van hulpwerkwoorde	129
4.3.2.4.	Die vertaling van werkwoordekstensies	131
4.3.2.5.	Morfologiese prosesse	138
4.3.3.	Diskoers of redevoering	139
4.3.3.1.	Kongruensie	139
4.3.3.2.	Gelyktydige en opeenvolgende handeling	143
4.3.3.3.	Stilistiese eienskappe kenmerkend van Noord-Sotho poësie	144
4.3.3.2.1.	Ritme en tempo	145
4.3.3.2.2.	Sinslengte	148
4.3.3.2.3.	Alliterasie en assonansie	149
4.3.3.4.	Vlakke van diskoers	150
4.3.3.5.	Figuurlike taalgebruik	155
4.3.3.6.	Beeldspraak	156
4.3.3.6.1.	Antonomasia	156
4.3.3.6.2.	Metafoor	157
4.3.3.6.3.	Personifikasie	160
4.3.3.6.4.	Vergelyking	161
4.3.3.7.	Kontrastering	162
4.3.3.8.	Komposita	162
4.3.3.10.	Dubbele ontkenning	163
4.3.3.11.	Ekstratekstuele of prosodiese eienskappe	164
4.3.4.	Kulturele diversiteit	165
4.3.5.	Voorstelle vir moontlike oplossings	168
4.3.5.1.	Eiename	168
4.3.5.2.	Konnotasies van leksikale items	169
4.3.5.3.	Eienskappe wat nie in die gesproke woord voorkom nie	169
4.3.5.4.	Woordspeling	170

4.3.5.5.	Die gebruik van die onderwerps- of voorwerpsmorfeem, besitlike partikel, demonstratiewe, persoonlike of besitlike voornaamwoord in die plek van die selfstandige naamwoord	171
4.3.5.6.	Komposita	172
4.3.5.7.	Ideofone en tussenwerpsels	172
4.3.5.8.	Idiome en spreekwoorde	172
4.3.5.9.	Beeldspraak	174
4.3.5.10.	Beklemtoning	174
4.3.5.11.	Die verdubbeling van die werkwoordstam	175
4.3.5.12.	Die bepaling van handeling in die konsektief en handeling in die situatief	175
4.3.5.13.	Die gebruik van hulpwerkwoorde en werkwoordekstensies	175
4.3.5.14.	Formele en stilistiese kenmerke	175
4.3.5.15.	Vraagstelling	176
4.3.5.16.	Kultuurgebonde items	176
4.4.	Samevatting	177

HOOFSTUK 5: VOORSTELLE VIR MOONTLIKE OPLOSSINGS

5.1.	Inleiding	178
5.1.1.	Voorstelle vir die oplossing van probleme wat ontstaan as gevolg van linguistiese diversiteit	179
5.1.2.	Voorstelle vir die oplossing van probleme wat ontstaan as gevolg van kulturele diversiteit	182

BYLAE A: Oorspronklike teks

BYLAE B: Letterlike vertaling

BYLAE C: Linguisties-kongruente vertaling

BYLAE D: Dinamiese ekwivalente vertaling

BRONNELYS

184

OPSOMMING

Met die uitsondering van publikasies soos dié van Grobler en Lombard (1981), asook Groenewald e.a. (1988) is daar in die verlede weinig aandag gegee aan die vertaling van literêre werke uit die Afrikatale (insluitend Noord-Sotho) in Afrikaans. Die ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van sodanige werke uit Noord-Sotho in Afrikaans is om bogenoemde rede nog nooit voorheen formeel ondersoek nie.

Die begrip ekwivalensie wat, soos uit die studie blyk, 'n moeilik definieerbare begrip is, asook die verkryging van ekwivalensie met betrekking tot die vertaling van metafore, spreekwoorde en idioome word in die studie nagevors. Uit die studie word dit duidelik dat algehele ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van Noord-Sotho literêre werke in Afrikaans nie moontlik is nie, as gevolg van linguistiese diversiteit tussen hierdie twee tale wat veral deur kulturele verskille teweeg gebring word.

Linguistiese diversiteit verwys na die verskille tussen tale met betrekking tot die leksikon, byvoorbeeld die ideofoon, idiomatiese taalgebruik en woordspeling; sintaktiese en semantiese kenmerke, byvoorbeeld beklemtoning, woordorde en redevoering wat onder andere beeldspraak en figuurlike taalgebruik insluit. Kulturele diversiteit verwys na waardes, voorskrifte, idees en ander kulturele fasette wat 'n gemeenskap of subgroep binne 'n bepaalde gemeenskap kenmerk en wat van gemeenskap tot gemeenskap en van subgroep tot subgroep verskil. Die probleme wat met vertalings as gevolg van linguistiese en kulturele diversiteit ondervind word, kan oorbrug word deur die gebruik van toepaslike vertaalkundige strategieë soos metatêks en verklarings van kultuurvreemde uitdrukkings of konsepte.

In die studie word verder ondersoek ingestel na die vereistes vir vertaalbaarheid en doeltreffende vertaling, asook na kommunikasie as vereiste vir 'n geslaagde vertaling. Die literêre vertaalproses word van naderby beskou en ondersoek word ook ingestel na die probleme wat in die literêre vertaalproses ondervind word. 'n Genre-indeling

van die literêre werke in Noord-Sotho word gedoen. Die noodsaaklikheid van die vertaling van Noord-Sotho literêre werke word ook kortliks genoem.

Laastens word ondersoek ingestel na die probleme wat ondervind is in die vertaling van *Sebilwane* as gevolg van linguistiese en kulturele diversiteit tussen Noord-Sotho en Afrikaans. Hierdie probleme word onder die volgende vier hoofde bespreek:

- * Leksikon
- * Sintaktiese eienskappe
- * Redevoering
- * Kultuurverskille

Voorstelle word ook gemaak vir die moontlike oplossing van hierdie probleme.

SUMMARY

With the exception of publications like those of Grobler and Lombard (1981), as well as Groenewald a.o. (1988), very little attention has been paid in the past to the translation of literary works from the African Languages (including Northern Sotho) into Afrikaans. Research on equivalence on word and sentence level in the translation of literature from Northern Sotho into Afrikaans has, therefore, never been undertaken formally before.

In this study, research is done on the definition of the notion of equivalence which, as appears from the study, bristles with difficulties. The establishment of equivalence regarding the translation of metaphors, proverbs and idioms is also examined. From the research done in the study it becomes clear that total equivalence on word and sentence level in the translation of Northern Sotho literature into Afrikaans is not possible, on account of the linguistic diversity between these two languages which is mainly a result of cultural diversity.

Linguistic diversity refers to the differences between languages regarding the lexicon, for example the ideophone, idiomatic language use and puns; syntactic, semantic and morphological features, for example stress, word order and discourse which, amongst other things, includes figurative speech and figurative language. Cultural diversity refers to values, prescriptions, aversions, ideas and other structures which are characteristic of a community or subgroup and which differ from community to community and subgroup to subgroup. The difficulties experienced with translations as a result of linguistic and cultural diversity, can be bridged by the use of applicable translation strategies such as metatext and the explanation of culture bound expressions or concepts.

The requirements for translatability and effective translation, as well as communication as requisite for a successful translation are also examined in this study. The process

of translating literature is examined more closely and the difficulties experienced in the process of translating literature are also researched. A classification of the genres of Northern Sotho literature is made. The necessity for the translation of Northern Sotho literature is also mentioned briefly.

Finally, the problems experienced in the translation of *Sebilwane* as a result of linguistic and cultural diversity between Northern Sotho and Afrikaans are examined. These problems are discussed under the following four headings:

- * Lexicon
- * Syntactic, semantic and morphological features
- * Discourse
- * Cultural differences

Proposals for possible solutions to these problems are also suggested.

African-language translators are, therefore, now required to produce texts that are accessible to every level of society, even if this involves extensive rewriting of texts to ensure that they are understood by everyone (Walker, A.K., Kruger, A. & Andrews, I.C., 1995:102).

HOOFSTUK EEN: INLEIDING

1. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Uit rekenaar- en literatuursoektogte wat in die Ferdinand Postma-Biblioteek gedoen is, blyk dit dat daar in die verlede weinig aandag aan die vertaling van letterkunde uit enige Afrikataal (insluitend Noord-Sotho) in Afrikaans gegee is, en dus ook aan ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans.

Bill (1982) se artikel oor die onderwerp is omvattend, maar sy konsentreer op die vertaling van 'n Tsonga literêre teks in Engels en haar voorstelle moet dus na hierdie studie ekstrapoleer word.

Die term ekwivalensie is moeilik definieerbaar. Ekwivalensie verwys na iets wat gelykwaardig is. Wanneer hierdie term egter in die konteks van vertaling ter sprake kom, raak dit moeiliker definieerbaar. Verskeie teoretici het die begrip probeer definieer. Lefevere (1992b:10) haal Toury soos volg aan:

There are no longer any absolute criteria for equivalence, nor should equivalence necessarily be defined in general terms. Rather, Toury postulates, a construct can be found that is the 'adequate' translation for every given original. This 'tertium comparationis' is the objective yardstick that makes possible meaningful comparisons between the original and the translation. But this 'tertium comparationis' though claimed to represent the ideal adequate translation in abstract terms, is in reality a construct in the translation scholar's brain, a construct that

claims objectivity while reflecting the scholar's own insights, prejudices, shortcomings, limitations, wishes and hopes. In fact, the scholar can be said to become the norm.

Wat die tipes vertalingsekwivalensie betref, onderskei Newmark (1982:22) tussen twee soorte ekwivalensie, nl. semantiese en kommunikatiewe ekwivalensie. Met kommunikatiewe ekwivalensie poog die vertaler om met sy/haar vertaling dieselfde uitwerking op die leser te kry as die uitwerking wat die bronteks op sy lesers gehad het. Met semantiese vertaling poog die vertaler om, binne die sintaktiese en semantiese beperkings van die doeltaal, die presiese kontekstuele betekenis van die outeur weer te gee. Nida (1964:166) stel twee tipes ekwivalensie teenoor mekaar, nl. dinamiese en formele ekwivalensie wat met Newmark se onderskeid ooreenstem. Vir die doel van die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans gaan daar van kommunikatiewe, oftewel dinamies ekwivalente vertaling gebruik gemaak word. Die verskillende tipes ekwivalensie word breedvoerig onder 2.3 bespreek.

Wilss (1976:127) onderskei drie dimensies of vlakke waarop elk van hierdie tipes vertalingsekwivalensie moet realiseer:

Translation equivalence has....a syntactic, a semantic and a stylistic dimension, in ascending order.

Ekwivalensie op woord- en sinsvlak beteken dus dat die brontaaltekse ekwivalent aan die doeltaaltekse moet wees met betrekking tot die woordbetekenis (semantiek), die samestelling van 'n reeks woorde om sinne te vorm (sintaksis) en styl (pragmatiek).

Verskeie probleme ontstaan egter met betrekking tot ekwivalensie op woord- en

sinsvlak in die vertaling van 'n literêre werk uit Noord-Sotho in Afrikaans. Veral twee aspekte lewer probleme op, naamlik linguistiese diversiteit wat tussen die Afrikatale en Afrikaans deur kulturele diversiteit in die hand gewerk word. Kulturele diversiteit verwys na waardes, voorskrifte, afkeure, idees en ander fasette wat 'n gemeenskap of subgroep kenmerk en wat van gemeenskap tot gemeenskap en subgroep tot subgroep verskil. Hierdie subgroepe word gekenmerk deur etniese minderhede, sosiale klasse, teenkulture, generasies, geslagte en beroepsklasse. Linguistiese diversiteit verwys na verskille tussen tale met betrekking tot die leksikon, sintaktiese en semantiese kenmerke en redevoering.

Die spesifieke knelpunte wat ontstaan met betrekking tot ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans kan dus onder die volgende vier hoofde verdeel word:

- * Leksikon
- * Sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke
- * Redevoering
- * Kultuurverskille

Wat die vertaling van literêre werke uit 'n Afrikataal betref, beweer Bill (1982:92) die volgende: " ... in spite of the linguistic and cultural diversity which appear to separate the two language codes.....translation is not impossible, but that it is a process whereby communicative adequacy can be achieved."

Uit die bespreking hierbo blyk dit dus dat ekwivalensie verskeie probleme meebring. In hierdie studie gaan ondersoek ingestel word na die begrip ekwivalensie en na die spesifieke probleme met betrekking tot ekwivalensie wat ontstaan by die vertaling van 'n literêre werk uit Noord-Sotho in Afrikaans en dit gaan onder die genoemde vier

hoofde ondersoek word, naamlik leksikon, sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke, redevoering en kultuurverskille. Onderzoek gaan ook ingestel word na moontlike voorstelle vir die oplossing van hierdie probleme, byvoorbeeld die gebruik van 'n pragmatiese of funksionele vertaling (onder meer deur die vervanging van kultuurgegewens met ekwivalente konsepte waarmee die doeltaallesers vertroud is), aangesien algehele ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans nie moontlik is nie.

Die volgende vrae gaan in die studie ondersoek word:

- 1.1. Tot watter mate kan ekwivalensie met betrekking tot leksikon, sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke, redevoering en kultuurverskille verkry word in die vertaling van Noord-Sotho literêre werke?
- 1.2. Hoe kan die probleem van ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans oorbrug word? Is dit moontlik om voorstelle te maak wat as riglyne kan dien vir vertalers van Noord-Sotho literêre werke?

2. DOELSTELLINGS

Die doelstellings waarna gestreef word in die studie is die volgende:

- 2.1. Om te bepaal tot watter mate ekwivalensie met betrekking tot leksikon, sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke, redevoering en kultuurverskille verkry kan word in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans.

- 2.2. Om te bepaal hoe die probleem van ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans oorbrug kan word en of voorstelle gemaak kan word wat as riglyne kan dien vir vertalers van Noord-Sotho literêre werke.

3. HIPOTESE/SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die sentrale teoretiese stelling van die studie is dat die vertaling van Noord-Sotho literêre werke in Afrikaans wel moontlik is, ten spyte van die linguistiese diversiteit wat deur kulturele diversiteit tussen hierdie twee tale meegebring word, maar dat linguistiese en kulturele diversiteit oorbrug kan word deur die gebruik van toepaslike vertaalkundige strategieë, soos metateks en die verklaring van die betekenis van sulke uitdrukkings.

4. NAVORSINGSMETODE

Die volgende metodes gaan in hierdie studie gebruik word:

- 4.1. Raadpleeg die volgende databasisse:

Nexusview (RGN)

Biblioteekkatalogus

Repertorium vir SA Tydskrifte

Modern Language Association

- 4.2. Die identifisering en definiëring van terme wat tersaaklik is vir die studie, veral die terme **ekwivalensie**, **ekwivalensie op woord- en sinsvlak**, **linguistiese en**

kulturele diversiteit en Landeskunde of kultuurspesifieke items. Aangesien die linguistiese en kulturele diversiteit tussen twee tale 'n probleem skep vir die vertaler, geniet hierdie aspek in die meeste handboeke aandag. Die meeste besprekings handel egter nie spesifiek oor ekwivalensie met betrekking tot die vertaling van kultuurgebonde terme in Noord-Sotho nie. In hierdie studie word daarop gekonsentreer om probleme met betrekking tot ekwivalensie in die vertaling uit Noord-Sotho in Afrikaans op te los. Dit word onder die volgende vier hoofde gedoen:

A. **Leksikon**

Leksikon sluit die volgende in:

- i. Morfologiese prosesse soos die generering van onderwerps- of voorwerpsmorfeme, verdubbeling van stamme wat bepaalde semantiese aspekte soos beklemtoning en vermindering (die betekenis **bietjie** of **effens**) markeer.
- ii. Konnotasies van woorde wat dikwels probleme in vertaling oplewer, omdat dit dikwels lomp gebruik word in vergelyking met die oorspronklike teks.
- iii. Variante vorme en registerverskille wat behels dat 'n bepaalde leksikale item in 'n verskeidenheid vorme in verskillende registers kan voorkom, na gelang van die funksie daarvan en vertaling sodoende bemoeilik.
- iv. Die ideofoon, oftewel klanknabootsing, wat intensiteit, onmiddellikheid of kwaliteit van 'n handeling, 'n beweging, 'n gebaar of 'n kleur uitdruk en wat

dikwels moeilik is om doeltreffend te vertaal, as gevolg van die vele geassosieerde betekenisonderskeidings.

- v. Idiomatiese taalgebruik wat probleme in vertaling oplewer omdat die spreekwoorde en idiome in 'n bepaalde dialek, en teen 'n sekere kulturele agtergrond, geskep word en dus saamhang met die belewenis van die skepper daarvan. Juis daarom sal mense buite 'n betrokke kultuur dit moeilik vind om die betekenis van 'n idioom en spreekwoord in 'n ander taal te interpreteer en dit kan begripsprobleme meebring.
- vi. Betekenisskakeringe wat deur woordspeling veroorsaak word, lewer ook probleme op, aangesien dit moeilik vertaalbaar of soms onvertaalbaar is.

B. Sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke

Sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke sluit die volgende in:

- i. Beklemtoning wat in Noord-Sotho deur twee strategieë geskied, naamlik deur woordvolgordeverandering en pronominalisasie om 'n bepaalde betekenis in 'n diskoerskonteks uit te lig.
- ii. Basiese werkwoorde wat, wanneer dit selfstandig in 'n sin voorkom, 'n bepaalde betekenis uitdruk, maar wanneer dit egter saam met 'n komplementêre werkwoord in woordgroepverband gebruik word, druk dit 'n heel ander betekenis uit.
- iii. Die gebruik van verbale ekstensies wat die betekenis van werkwoorde uitbrei.

Dit is veral moeilik vertaalbaar, aangesien verskeie ekstensies met die basiese werkwoord gekombineer kan word. Uiteenlopende betekenis kan sodoende in een leksikale item saamgevoeg wees.

- iv. Bepaalde sintaktiese kenmerke soos verkorte en saamgetrokke strukture, is ook problematies in vertaling. Dit ontstaan wanneer die laaste letter van 'n sekere woord en die eerste letter van die daaropvolgende woord weggelaat word en die twee woorde saamgetrek word om een woord te vorm.

C. **Redevoering**

Redevoering behels onder meer:

- i. Kohesie en verband waar die beginsel van kongruensieverhoudings veral probleme oplewer, omdat kongruensie die gom is wat leksikale items in 'n bepaalde grammatiese verhouding plaas en wat formele leidrade op semantiese en sintaktiese vlak aan die vertaler gee.
- ii. Gelyktydige en opeenvolgende handeling word dikwels moeilik in 'n vertaling weergegee, aangesien dit in sommige gevalle moeilik is om te bepaal wanneer handeling gelyktydig plaasvind in die afwesigheid van die situatiewe merkers soos die voegwoorde ge, mohla en mohla ge of wanneer die handeling in die konsekutief uitgedruk word.
- iii. Vlakke van redevoering waar daar bepaalde stilistiese eienskappe is wat kenmerkend van poësie in die Afrikatale is en wat verskillende vlakke van diskoers onderskei. Hierdie stilistiese eienskappe kan soms moeilik in 'n

vertaling weergegee word.

- iv. Beeldspraak en figuurlike taalgebruik skep ook probleme in vertaling, aangesien dit selde moontlik is dat die leksikale items in die doeltaal met dié van die brontaal sal ooreenstem.
- v. Prosodiese elemente in die gesproke taal beïnvloed betekenis en kan die oog van die onervare vertaler ontglip, byvoorbeeld toon en fonetiese verskille.

D. Kultuurverskille

Aangesien taal in die kultuur van sy sprekers ingebed is, moet die vertaler bewus wees van die belangrikheid van kulturele patrone, waardesisteme en gelowe van diegene wat die brontaal praat, sowel as van diegene wat die doeltaal praat.

- 4.3. Die teksimmanente metode gaan gevolg word wat 'n ontleding en vertaling van die bronteks behels om 'n korpus daar te stel waaruit die bespreking gedoen gaan word. Die vertaling gaan deur drie stadia gevolg word, naamlik 'n basiese formele een-tot-een ekwivalente weergawe, 'n linguisties- kongruente weergawe en 'n dinamies ekwivalente weergawe.
- 4.4. Ontleding van geïdentifiseerde probleemareas en die maak van voorstelle aan vertalers van Noord-Sotho literêre werke.

5. DIE WAARDE VAN VERTALING VAN NOORD-SOTHO LITERÊRE WERKE

- 5.1. Die toegang van die nie-Sothospreker tot literêre skeppinge in Noord-Sotho het nie alleen verrykende implikasies nie, maar open deure wat andersins geslote sou bly ten opsigte van die kulturele onderbou van die Noord-Sotho persoon en medelandgenoot.
- 5.2. Die vertaling van Noord-Sotho literêre werke maak hierdie werke toeganklik vir die nie-Sothospreker wat kennis van en insig in tradisies, gelowe en historiese oorsprong van taboes en gewoontes van die Noord-Sotho verkry. Dit kweek op sy beurt gesonde verstandhoudings tussen bevolkingsgroepe. Volgens Degenaar (1995:9) is die multikulturaliteit van die Suid-Afrikaanse samelewing juis een van sy aantreklike eienskappe.

6. OORSIG OOR HOOFSTUKINDELING

In hoofstuk 2 gaan ekwivalensie breedvoerig bespreek word. Die tipes ekwivalensie gaan met mekaar vergelyk word en 'n beskrywing van elkeen gaan gegee word. Aandag gaan ook geskenk word aan die probleem van ekwivalensie en die vertaling van metafore, spreekwoorde en idiome en moontlike oplossings vir die probleem.

In hoofstuk 3 word ondersoek ingestel na die vereistes vir vertaalbaarheid en doeltreffende vertaling en wat onvertaalbaarheid is, asook na kommunikasie as vereiste vir 'n geslaagde vertaling. Aandag gaan geskenk word aan wat die literêre vertaalproses behels en die probleme wat met die vertaling van literêre werke ondervind word. 'n Oorsig oor die genre-indeling van literêre werke in Noord-Sotho word ook in hierdie hoofstuk gegee en daar word gewys op die behoefte aan die

vertaling van Noord-Sotho literêre werke.

In hoofstuk 4 word 'n oorsig oor die gebeure in *Sebilwane* gegee. Die probleme wat met die vertaling van *Sebilwane* in Afrikaans ondervind is, word breedvoerig onder die volgende hoofde bespreek:

- * Leksikon
- * Sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke
- * Redevoering
- * Kultuurverskille

Voorstelle vir moontlike oplossings word ook gegee.

In hoofstuk 5 word 'n samevatting van die studie gegee. Van die probleme wat met die vertaling van die Noord-Sotho literêre werk ondervind is, asook moontlike voorstelle vir die oorbrugging van die probleme word ook in hierdie hoofstuk gegee.

HOOFSTUK 2: EKWIVALENSIE

2.1. INLEIDING

Die begrip ekwivalensie gaan breedvoerig in hierdie hoofstuk bespreek word. 'n Uiteensetting van die tipes ekwivalensie gaan gegee word en die tipes ekwivalensie gaan met mekaar vergelyk word. Die probleem van ekwivalensie en die vertaling van metafore, spreekwoorde en idiome en moontlike oplossings vir die probleem gaan ondersoek word nadat die begrippe metafoor, spreekwoord en idioom omskryf is.

2.2. DIE BEGRIP EKWIVALENSIE IN VERTALING

Met ekwivalensie in vertaling streef die vertaler na "die daarstelling van 'n teks in die doeltaal wat in die plek gestel kan word van die teks in die brontaal" (Nelson, 1991:5). Dit kom daarop neer dat twee terme as ekwivalent beskou word, omdat dit dieselfde semantiese verteenwoordiging het en dus dieselfde boodskap oordra.

Vertaling behels egter baie meer as die vervanging van leksikale en grammatikale items tussen tale. In die vertaling van idiome en metafore, soos bespreek onder 2.6, kan dit nodig wees om die basiese linguistiese elemente van die brontaal- (BT-) teks in die proses weg te laat om sodoende Popovic (1976:6) se doel van 'expressive identity' tussen die BT- en doeltaal- (DT-) teks te verkry. Maar sodra die vertaler wegbeweeg van linguistiese ekwivalensie - met ander woorde 'n woord-vir-woord-vertaling met ekwivalensie op fonemiese, morfemiese, leksikale, sintagmatiese en sintaktiese vlak - tree probleme na vore om die presiese aard te bepaal van die vlak van ekwivalensie waarna gestreef word.

Die vernaamste probleem met ekwivalensie is dat vertaalteoretici nie kan saamstem oor die soort of graad van vertalingsekwivalensie wat nodig is om werklike ekwivalensie te bewerkstellig nie. Catford (1965:21) beweer soos volg in dié verband:

The term **equivalent** is clearly a key term. The central problem of translation-practice is that of finding TL (target language) translation equivalents. A central task of translation theory is that of defining the nature and conditions of translation equivalence.

Die begrip ekwivalensie is dus moeilik definieerbaar.

Wilss (1982:134) bevestig dat ekwivalensie moeilik definieerbaar is as hy sê:

....there is hardly any other concept in translation theory which has produced as many contradictory statements and has set off as many attempts at an adequate, comprehensive definition as the concepts of TE [translation equivalence] between SLT [source language text] and TLT [target language text].

Hy voeg by dat nóg die teoretikus van vertaling, nóg die taalpraktisyn tot dusver daarin kon slaag om 'n objektiewe, universeel-aanvaarbare antwoord te verskaf op die komplekse probleme van intertekstuele vertalingsekwivalensie.

Catford (1965:50) omskryf die begrip vertalingsekwivalensie soos volg:

Translation equivalence occurs when a SL [source language] and a TL [target language] text (or item) are

relatable to (at least some of) the same relevant features.

Toury (1981:12) sluit by Catford se definisie aan deur te sê dat wat vertalingsekwivalensie betref, ons meer geïnteresseerd is in die gedeelde eienskappe tussen die twee tale as in die tekstuele en linguistiese eienskappe.

Volgens Toury en Catford is daar dus sprake van ekwivalensie in vertaling wanneer 'n BT-tekst en DT-tekst in ten minste sekere tersaaklike eienskappe ooreenstem.

Volgens Marton (1968:53) kan ons aanvaar dat daar 'n verhouding van ekwivalensie tussen 'n sin in die een taal en 'n sin in die ander taal bestaan slegs indien elkeen van hulle 'n optimale vertaling van die ander binne 'n gegewe konteks is. Die beoordeling van die optimale vertaling en die korrektheid daarvan word geheel en al aan die oordeel van 'n ten volle tweetalige spreker oorgelaat. Marton regverdig hierdie siening van hom soos volg:

This sort of statement is the inevitable consequence of the fact that the science of translation has so far failed to develop clear-cut criteria for the measurability of TE [translation equivalence] and has thus failed to explicate the concept of TE (Marton, 1968:53).

Van den Broeck en Lefevere (1979:135) maak die stelling dat optimale vertaling van tekste op die volgende berus: die vertaler lei van die term in die brontaal 'n term in die doeltaal af wat in die nuwe situasie as kommunikasiedaad aan die eerste situasie funksioneel gelykwaardig is. Optimale vertaling van tekste - en dus ekwivalensie op woord- en sinsvlak - veronderstel ekwivalensie op drie vlakke: semanties, sintakties en pragmaties wat 'n duidelike hiërargie vorm - sintaktiese ekwivalensie is ondergeskik

aan semantiese ekwivalensie en semantiese ekwivalensie aan pragmatiese ekwivalensie. Alverson (1969:247) sluit by Van den Broeck en Lefevere se siening aan deur aan te voer dat die kriterium vir 'n bevredigende vertaling 'n uiting in 'n tweede taal is wat so vertaal word dat dit dieselfde, of so na as moontlik, dieselfde stel idees, konsepte en emosionele reaksies by moedertaalsprekers van die tweede taal teweegbring as wat die oorspronklike uiting by moedertaalsprekers van die eerste taal veroorsaak. Picard (1979:6) beweer soos volg in dié verband:

The principal foci (...) involve (1) the formal features of the source-language text, (2) the cognitive content of the source-language text, and (3) the emotive response to the receptors.

Volgens Bell (1991:6) is algehele ekwivalensie tussen tale nie moontlik nie:

Languages are different from each other; they are different in form having distinct codes and rules regulating the construction of grammatical stretches of language and these forms have different meanings. To shift from one language to another is, by definition, to alter the forms. Further, the contrasting forms convey meanings which cannot but fail to coincide totally; there is no absolute synonymy between words in the same language, so why should anyone be surprised to discover a lack of synonymy between languages? Something is always 'lost' (or, might one suggest, 'gained'?) in the process....

Andrews (1992:86) sluit hierby aan:

Strukturele verskille tussen tale en kulture veroorsaak dat die verhouding

tussen 'n bronteks en sy vertaling nooit optimaal, dit wil sê 1:1 kan wees nie.

Andrews (1992:86) voer verder aan dat vertaalekwivalente gerangskik word op 'n skaal wat strek vanaf maklik vertaalbaar tot moeilik vertaalbaar of onvertaalbaar. Ook vir Van den Broeck en Lefevere (1979:93) is algehele ekwivalensie nie moontlik nie:

...een vertaling kan nooit aan haar origineel equivalent zijn, althans niet in de betekenis die deze term laat veronderstellen.

Kassühlke (1976:281) ondersteun hierdie stelling en voeg by dat die vertaler self moet besluit watter tipe vertaling gemaak moet word. Volgens Nida (1976:63) duik die kwessie van onvertaalbaarheid op wanneer aangedring word op absolute in plaas van relatiewe ekwivalensie:

If one is to insist that translation must involve no loss of information whatsoever, then obviously not only translation but all communication is impossible.

Uit Van den Broeck en Lefevere se stelling en uit Nida se aanhaling, is dit dus duidelik dat algehele vertalingsekwivalensie nie moontlik is nie.

In 'n poging om praktiese oplossings vir die probleem van vertalingsekwivalensie te vind, het die vertaalwetenskap drie verskillende benaderings aangeneem:

- * 'n Linguistiese of kontekstuele benadering waarvan die eerste en belangrikste doel is om strukturele verskille as gevolg van verskillende kodesisteme tussen die bron- en doeltaal te oorkom.

- * 'n Kommunikatiewe of kontekstuele benadering waarvolgens linguistiese uitings reseptorgeoriënteerd moet wees. Wilss (1982:14) gebruik Nida se uitgangspunt dat vertalingsekwivalensie mikrokontekstueel en makrokontekstueel bereik kan word "only if a translation fulfills the conditions of 'the closest natural equivalent' to the SLT, taking account of the SL [source language] communicative intention, TL [target language] stylistic norms and, last but not least, the decoding abilities of the TL reader."
- * Die laaste benadering is 'n vertalingsbenadering. Volgens Wilss (1982:150) beweer Neubert dat die graad van vertaalbaarheid van 'n teks die meetstok vir vertalingsekwivalensie is. Hierdie siening baseer hy op die hipotese dat tekste wat vertaal word, tot verskillende klasse van vertaalbaarheid behoort.

2.3. DIE Tipes EKWIVALENSIE

Verskillende vertaalteoretici onderskei tussen verskillende tipes ekwivalensie. Elke vertaling het verskillende aspekte of fokuspunte waar ekwivalensie aandag en klem kry. Neubert (1970:451) onderskei tussen sintaktiese, semantiese en pragmatiese ekwivalensie. Wilss (1976:127) en Wolfgang Dressler (Wilss, 1982:152) onderskei ook tussen hierdie tipes ekwivalensie. Volgens Bassnett-McGuire (1980:25) onderskei Popovic die volgende vier tipes vertalingsekwivalensie:

*Linguistiese ekwivalensie wat homogeniteit op die linguistiese vlak van die BT-, sowel as die DT-tekste behels. Dit is met ander woorde 'n woord-vir-woord-vertaling.

*Paradigmatiese ekwivalensie waar daar ekwivalensie met betrekking tot die elemente van grammatika is en wat Popovic as 'n hoër kategorie as leksikale ekwivalensie

beskou.

*Stilistiese ekwivalensie met funksionele ekwivalensie van elemente in die oorspronklike teks en die vertaling. Dit is volgens Popovic gemik op 'an expressive identity with an invariant of identical meaning' (Bassnett-McGuire, 1980:25).

*Tekstuele of sintagmatiese ekwivalensie behels ekwivalensie ten opsigte van die sintagmatiese strukturering van 'n teks, met ander woorde ekwivalensie van vorm en fatsoen.

Nida (1964:166) onderskei tussen twee tipes ekwivalensie, naamlik formele en dinamiese ekwivalensie. Die onderskeid tussen dinamiese en formele ekwivalensie beskryf Nida soos volg: Dinamiese ekwivalensie is "'the closest natural equivalent' to the source-language message while formal equivalence is correspondence between linguistic units independent of any idea of content". Albei tipes dimensies kan in dieselfde teks voorkom. Nida verleen voorkeur aan dinamiese ekwivalensie. Newmark (1982:132) kritiseer Nida soos volg hieroor:

...Moreover, Nida, by contrasting dynamic only with formal equivalence, thereby omitting cognitive equivalence, fails to show the range of dynamic equivalence's various foci (i.e. *Schwerpunkte*).

2.3.1. Dinamiese ekwivalensie

Volgens Newmark (1982:10) word na dinamiese ekwivalensie verwys as "the principle of similar or equivalent response or effect, or of functional equivalence." Die vertaler poog dus met 'n dinamiese ekwivalente vertaling om dieselfde uitwerking op die leser

of hoorder te verkry as wat die oorspronklike teks op die oorspronklike of eerste leser of hoorder daarvan gehad het. Aangesien dit vir die vertaler baie moeilik is om te bepaal of die dinamies ekwivalente vertaling dieselfde emotiewe waarde as die oorspronklike teks op die leser of hoorder gaan hê en aangesien algehele ekwivalensie nie moontlik is nie, moet die vertaler besluit watter aspekte van die bronteks in die doelteks oorgedra moet word. Dit sal die soort vertaling bepaal wat gemaak moet word, nl. formeel ekwivalent - 'n min of meer letterlike vertaling - of dinamies ekwivalent - 'n meer vrye vertaling. Bassnett-McGuire (1980:25) gaan van die standpunt uit dat daar geen vaste grens tussen formele en dinamiese ekwivalensie nie.

Die noodsaaklike element agter dinamiese ekwivalensie is persepsie. Nida (1964:239) beweer soos volg in dié verband: "*modulation and adaptation* are both 'adjustments of language to experience'".

2.3.2. Formele ekwivalensie

Volgens Nida (1964:239) is formele ekwivalensie (FE) in vertaling basies brongeorïenteerd, met ander woorde dit is ontwerp om so veel as moontlik van die vorm en inhoud van die oorspronklike boodskap te openbaar. Deur dit te doen, poog 'n FE-vertaling om verskeie formele elemente te reproduseer, insluitend grammatikale eenhede, ooreenstemming in woordgebruik en betekenis in terme van die bronteks. Die reproduksie van grammatikale eenhede kan bestaan uit die vertaling van naamwoorde met naamwoorde en werkwoorde met werkwoorde, ens. deur alle frases en sinne, asook alle formele aanduiders, byvoorbeeld punte, onaangeraak te laat. Kassühlke (1976:280) sluit hierby aan deur te sê dat formele ekwivalensie oor die algemeen onverstaanbaar en in baie gevalle eintlik misleidend is.

'n Paar jaar later verskaf Nida en Taber (1969:203) duideliker opmerkings oor formele ekwivalensie:

...formal correspondence [is the] quality of a translation in which the features of the form of the source text have been mechanically reproduced in the receptor language. Typically, formal correspondence distorts the grammatical and stylistic patterns of the receptor language, and hence distorts the message, so as to cause the receptor to understand or to labor unduly hard....

2.3.3. Kommunikatiewe en semantiese ekwivalensie

Newmark (1982:22) onderskei tussen semantiese en kommunikatiewe ekwivalensie wat met Nida se onderskeid tussen formele en dinamiese ekwivalensie ooreenstem.

I have proposed only two methods of translation that are appropriate to any text: (a) communicative translation, where the translator attempts to produce the same effect on the TL readers as was produced by the original on the SL readers, and (b) semantic translation, where the translator attempts, within the bare syntactic and semantic constraints of the TL, to reproduce the precise contextual meaning of the author.

Newmark (1982:23) verduidelik die verskil tussen kommunikatiewe en semantiese ekwivalensie soos volg:

The basic difference between communicative and semantic language is the stress on 'message' and 'meaning'; 'reader' and 'author', 'utterance' and 'thought-processes'; 'like' or 'as' - and 'how'; 'performative' and 'constative', but this is a matter of difference in emphasis rather than kind.

Die begrippe kommunikatiewe en semantiese vertaling berus op die ou onderskeid tussen "vrye" (kommunikatiewe) en letterlike (semantiese) vertaling. Newmark (1982:22-43) stel kommunikatiewe en semantiese ekwivalensie soos volg teenoor mekaar:

KOMMUNIKATIEWE EKWIVALENSIE	SEMANTIESE EKWIVALENSIE
*Vreemde kulturele en linguistiese elemente word, waar nodig, in die oorspronklike vorm na die doeltaal oorgedra. Die uitwerking wat die vertaling op die leser het, moet so na as moontlik aan die uitwerking wees wat die oorspronklike teks op die oorspronklike leser gehad het. *Meer klem word daarop gelê om die krag (force) van die boodskap, eerder as die inhoud, oor te dra. *Die vertaling lees gladder as 'n semantiese vertaling en is eenvoudiger, duideliker en meer doeltreffend as 'n semantiese vertaling. Die teks is ondervertaal.	*Die vertaling bly binne die kultuur van die oorspronklike teks. Vreemde kulturele en linguistiese elemente word dus altyd in die oorspronklike vorm na die doeltaal oorgedra. *Meer klem word daarop gelê om die inhoud van die boodskap oor te dra, eerder as die krag en uitwerking wat dit op die oorspronklike leser gehad het. *Die vertaling is meer kompleks, lomp, meer in besonderheid en meer gekompliseerd. Die teks is oorvertaal.

KOMMUNIKATIEWE EKWIVALENSIE	SEMANTIESE EKWIVALENSIE
*Die vertaling kan beter lees as die oorspronklike teks. Dit wen aan krag en duidelikheid wat dit aan semantiese inhoud verloor.	*Die eenheid van vertaling is verklein en die teks is nader aan die figuurlike en formele elemente van die oorspronklike teks en, waar moontlik, ook aan die klankeffek gebring.
*Die vertaler kan die logika van die oorspronklike teks verbeter, lomp sinne herskryf, feitlike foute regstel en jargon verduidelik wat in die oorspronklike teks kan voorkom. Die vertaler mag feitlike foute regstel wat in voetnotas kan voorkom.	*Die lengte van sinne, die posisie van bysinne en die posisie van woorde word onveranderd gelaat. Die vertaling is swakker as die oorspronklike teks, want hierdie soort vertaling behels verlies van betekenis. Die vertaler mag ook geen verbeterings aanbring of feitlike foute regstel wat in voetnotas mag voorkom nie.
*Die klem val op die boodskap, die leser en die uitdrukking (utterance).	*Die klem val op die skrywer en die denkprosesse.

KOMMUNIKATIEWE EKWIVALENSIE	SEMANTIESE EKWIVALENSIE
*Die vertaler is hoofsaaklik gemoeid met die reseptore van die vertaling, gewoonlik binne die konteks van 'n taal- en kulturele verskeidenheid. *Die enigste ooreenkoms tussen die vertaling en die oorspronklike teks is dat die vertaling dieselfde boodskap aan die leser of hoorder bring en dus dieselfde uitwerking op die leser of hoorder van die vertaling het as die boodskap wat die oorspronklike teks aan die eerste leser of hoorder gebring het en die uitwerking wat die oorspronklike teks op die eerste leser en hoorder gehad het.	*Die vertaler is hoofsaaklik met die sender as individu gemoeid wat dikwels in teenstelling met die kultuur en norme van die taal van die vertaler is. *Die vertaler moet dikwels 'n metafoor interpreteer en selfs verduidelik as dit betekenisloos in die doeltaal is.

KOMMUNIKATIEWE EKWIVALENSIE	SEMANTIESE EKWIVALENSIE
*Die standpunt word gehuldig dat presiese vertaling moontlik is en dat 'n vertaling perfek kan wees, maar die ekwivalensie-element is nie van krag indien die teks buite DT-ruimte en -tyd val nie. Indien die gebeure in die oorspronklike teks teen 'n bepaalde milieu en tydperk afspeel, moet die gebeure in die vertaling nie noodwendig teen dieselfde milieu en tydperk afspeel nie, maar teen 'n milieu en tydperk wat aan die DT-leser bekend is. Die vertaler se eerste lojaliteit is dus teenoor die leser. *Die kern van die betekenis is die boodskap. Feite word direk gestel.	*Die vertaler probeer om die presiese toon van die oorspronklike teks te behou, omdat vorm en inhoud een is. Die vertaling sal soos die oorspronklike teks lees, ongeag of dit in die bron- of teikentaal is. Die vertaler se eerste lojaliteit is dus teenoor die outeur. *Die kern van die betekenis is waarde en belangrikheid. Onakkuraatheid is altyd verkeerd.

Wat semantiese ekwivalensie betref, beweer Nida (1976:47) soos volg:

A semantic translation attempts to preserve its author's idiolect, his peculiar form of expression, in preference to the 'spirit' of the source or the target language.

Newmark (1982:62-63) wys daarop dat kommunikatiewe ekwivalensie 'n paar probleme oplewer. Een van die baie probleme van kommunikatiewe ekwivalensie is om te besluit of 'n mens die basiese boodskap moet vereenvoudig en sodoende dus beklemtoon en tot watter mate 'n mens dit moet doen. Die vertaler moet dus die leserskorps waarop die vertaling gemik is, in ag neem. 'n Tweede is om op die hoogste algemene vlak van intelligensie, kennis en sensitiwiteit van die totale leserskorps te besluit. Indien 'n kinderverhaal, byvoorbeeld, vertaal word, gaan heelwat meer verduideliking en vereenvoudiging nodig wees as in die geval van die vertaling van lektuur vir volwassenes. Die derde probleem sluit by die tweede probleem aan, naamlik dat die vertaler daarteen moet waak om nie die vlak van intelligensie van die lesers te onderskat soos die media dikwels doen nie. Die grootste probleem is egter die intuïtiewe aard van kommunikatiewe vertaling - die feit dat die sukses daarvan slegs gemeet kan word deur die reaksie te ondersoek van die lesers aan wie dit gerig is.

Newmark (1982:40) waarsku dat dit belangrik is dat die vertaler in ag sal neem dat daar nooit uitsluitlik net van kommunikatiewe ekwivalensie of net van semantiese ekwivalensie gebruik gemaak kan word om 'n teks te vertaal nie.

There is no one communicative nor one semantic method of translating a text - these are in fact widely overlapping bands of methods. A translation can be more, or less, semantic - more, or less, communicative

- even a particular section or sentence can be treated more communicatively or less semantically.

Newmark (1982:46) voeg by dat dit ook nie altyd moontlik is om te bepaal watter tipe ekwivalensie die beter een is om vir 'n bepaalde teks te gebruik nie:

It is not always possible to state which is the better method to use for a particular text. In a mainly informative text, the section containing recommendations, instructions, value-judgements, etc. may be translated more communicatively than the descriptive passages. Where language is used to accompany action or as its symbol (speech-acts), it is treated communicatively, whilst definitions, explanations, etc. are semantic. (Newmark, 1982:46.)

Volgens Kassühlke (1976:280-281) kan die dimensies van die bronteks ten opsigte waarvan ekwivalensie in die doelteks verkry kan word, in twee groepe verdeel word, nl. dié wat met die boodskap of inhoud van die teks - die kognitiewe aspek - te make het en dié wat met die vorm - die formele aspekte - te make het. Elke aspek kan op sy beurt óf formeel óf dinamies ekwivalent wees en daar kan dus gepraat word van formele óf dinamiese leksikale ekwivalensie; van formele óf dinamiese kognitiewe ekwivalensie, ens. Volgens Kelly (1979:134) kan leksikale ekwivalensie op die volgende drie maniere verkry word:

- * Die vertaler kan poog om geheel en al letterlik te vertaal.
- * Die vertaler kan poog om 'n uitsluitlik dinamies ekwivalente vertaling te doen.
- * Die vertaler kan van albei metodes in een teks gebruik maak.

Met formele ooreenstemmende vertaling word die spesifieke vorm van die bronteks as die belangrikste eienskap van die teks beskou en poog die vertaler om 'n vertaling in die doeltaal te gee waarvan die vorm so na as moontlik met die vorm van die oorspronklike teks ooreenstem. Die woordorde en die sintaktiese struktuur van die oorspronklike teks word behou en die idiomatiese uitdrukkings en figuurlike taalgebruik van die oorspronklike teks word letterlik vertaal. Kassühlke (1976:280) is van mening dat formele ooreenstemmende vertaling 'n ernstige tekortkoming het. Die effek op die leser is onnatuurlik en vermoeiend, omdat die vars impak van die oorspronklike verlore gegaan het ter wille van meer formele elemente. 'n Dinamies ekwivalente vertaling behoort die leser of hoorder op dieselfde wyse as die oorspronklike teks te affekteer. Daar is geen vaste grens tussen formele en dinamiese ekwivalensie nie. Net so kan vorm en inhoud nie geheel en al van mekaar geskei word nie:

In reality, however, content cannot be divorced completely from form.
Form and content often constitute an inseparable bond... (Nida, 1976:49).

2.3.4. Kognitiewe ekwivalensie

Volgens Nida (1976:49) behels kognitiewe ekwivalensie die inhoud, die boodskap van die teks en het dit te make met aspekte soos leksikale, semantiese, semiotiese, paradigmatische en pragmatiese ekwivalensie. Met die vertaling van die inhoud van die teks moet die vertaler onderskei tussen die diskoers en die tydruimtelike agtergrond daarvan. Die vertaler moet besluit of hy die minder begryplike kulturele agtergrond van die bronteks sal gebruik of die meer begryplike, maar anachronistiese kulturele agtergrond van die doeltaal.

Twee aspekte wat direk met die inhoud verband hou, is tyd en kultuur. Nida (1976:50)

beweer sommige vertalers het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n poging om 'n groot tyd-kultuur-span te oorbrug, nie eenvoudig net 'n vertaling vereis nie, maar 'n soort deurlopende kommentaarlewering. Meeste vertalers verkies egter om die kulturele eienskappe van die BT-tekst in die DT-tekst te behou en hul betekenis in 'n voetnota te verduidelik. Die graad waartoe die vreemde kulturomgewing in 'n vertaling behoue bly, word hoofsaaklik deur die funksie van die vertaling bepaal. Volgens Nida (1976:51) sal die doel van die vertaling bepaal watter benadering ten opsigte van kulturele agtergrond gevolg moet word. As die vertaling 'n spesifieke optrede by die leser teweeg moet bring, sal dit geregtig wees as die vertaler die kulturele agtergrond aanpas en moderniseer. As die vertaling ten doel het om die leser te laat verstaan wat op 'n spesifieke tydstip in die geskiedenis gebeur het, sal die vertaler die kulturele agtergrond so getrou moontlik weergee.

Triandis (1976:229) tref onderskeid tussen **emic** (kultuurspesifieke) en **etic** (universele) elemente waarmee die vertaler in elke tekst moet rekening hou. Brislin (1976:25) beweer soos volg in dié verband:

The decentring procedure can be viewed as part of a larger cross-cultural research strategy involving the emic-etic distinction, which is also central to the Triandis approach.

Universele begrippe soos, byvoorbeeld, vuur, maan en son sal altyd maklik vertaalbaar wees, aangesien die terme geredelik in albei tale beskikbaar is.

Kultuurspesifieke begrippe, daarenteen, is onmoontlik om perfek te vertaal. Selfs moedertaalsprekers vind dit moeilik om sulke begrippe te definieer. Dit is die begrippe wat "verlore" gaan in vertaling, aangesien daar nie 'n ekwivalent in die brontaal gevind

kan word nie. Wanneer universele begrippe vertaal word, is dit belangrik om hulle in verband te bring met die konteks, met dit wat die begrippe voorafgaan, asook met enige ander situasie waarin die begrippe gebruik kan word (Kernaantekeninge:40-41). Hierdie onderskeid tussen universele en kultuurspesifieke begrippe is by die vertaling van *Sebilwane* ter sake. Ekwivalensie sal dus etnografies van aard wees en toegespits wees op die manier waarop woorde in sosiale verband gebruik word.

Nog 'n aspek van inhoud is metafoor, spreekwoorde en idiome wat later onder 2.6 meer volledig bespreek sal word.

2.3.5. Ekwivalensie van vorm

Vorm behels stylelemente, asook strukture soos paragraaf, episode, hoofstuk, ens. Sintaksis, linguistiese en stilistiese ekwivalensie sal onder ekwivalensie van vorm ressorteer.

Volgens Nida (1976:54) kan die formele eienskappe van 'n bronteks op drie maniere weergegee word, nl. 'n konkordante vertaling waar elke woord - en in sommige gevalle grammatikale vorm - van die brontaal deur 'n enkele ooreenstemmende leksikale item of grammatikale vorm in die doeltaal weergegee word; 'n min of meer letterlike vertaling met verduidelikende voetnotas om onduidelikhede te verduidelik en die aandag te vestig op retoriese besonderhede soos verwysing, woordspel, rym, alliterasie, ens. of 'n vrye vertaling met voetnotas wat na die onderskeie formele eienskappe van die bronteks verwys.

Ekwivalensie van vorm speel ook 'n belangrike rol by die vertaling van letterkunde. Nida (1976:51-52) wys daarop dat die formele linguistiese kenmerke van 'n teks

toenemend belangrik word in die mate waarin dit stilistiese eienskappe het. Hoe belangriker die vorm vir die begrip en waardering van die boodskap is, hoe moeiliker sal dit wees om geskikte formele ekwivalente in die doeltaal te vind. Die vertaler het ten opsigte van vorm 'n keuse tussen 'n formele - of letterlike - benadering en 'n dinamies ekwivalente benadering.

Nida (1976:55-56) gaan ook van die standpunt uit dat sekere formele eienskappe van taal verband hou met rolle, byvoorbeeld stotter en die herhaaldelike gebruik van sekere uitdrukkings. Dit moet dus in die vertaling weergegee word. Dialekverskille is tipies van rolverwante vorms. Die vertaler moet 'n dialek in die doeltaal vind wat min of meer dieselfde status en konnotasie het.

Die verskillende vlakke van gebruik wat verskille in psigologiese afstand tussen deelnemers in die kommunikasieproses weerspieël, is belangrik. Volgens Nida (1976:56-57) onderskei Joos (1962) ses vlakke van psigologiese afstand, nl:

- * Streng formeel (**frozen**) - dit bestaan uit formele frases en 'n stel uitdrukkings en verteenwoordig die grootste psigologiese afstand tussen die bron en die ontvangers.
- * Formeel (**formal**) - dit verteenwoordig 'n aansienlike psigologiese afstand tussen die bron en die ontvangers.
- * Raadgewend (**consultative**) - die deelnemers is redelik onbekend aan mekaar, maar die strewe na duidelike kommunikasie verminder die psigologiese afstand.
- * Informeel (**informal**) - die deelnemers is redelik bekend aan mekaar en het nie

'n begeerte om psigologiese afstand te handhaaf nie en gebruik meer algemene vorme van taal.

- * Kasueel (**casual**) - 'n meer informele vlak.
- * Intiem (**intimate**) - is beperk tot kommunikasie tussen intieme vriende of lede van dieselfde gesin.

'n Ander aspek waarmee die vertaler, volgens Nida (1976:57-58), ook moet rekening hou, is onderwerpsverwante vorms van taal, bv. die tipiese taalgebruik van die wetenskap, die godsdiens, opvoedkunde, ens. Nog 'n formele aspek waaroor die vertaler besluite moet neem, is die idiolek van die skrywer van die bronteks.

2.4. DIE VERSKILLENDE Tipes VERTALINGS

Skopos is die Griekse woord vir doel (Nord, 1997:27). Volgens die *Skopostheorie* (die teorie wat die idee van die *Skopos* van vertaling onderlê), is die doel (*Skopos*) van die vertaalhandeling in die geheel die belangrikste beginsel wat enige vertalingsproses bepaal. Die aspek of aspekte wat by 'n vertaling ekwivalent gemaak word aan die bronteks, met ander woorde die funksie wat die vertaling moet vervul, sal dus die tipe vertaling bepaal wat gemaak moet word. Nord (1997:40-45) onderskei vier soorte funksies wat 'n vertaling kan vervul, naamlik 'n referensiële funksie, appellatiewe of fokatiewe funksie, estetiese of poëtiese funksie en fatiese funksie. Wendland (1985:21-32) onderskei 'n verdere vier funksies van 'n vertaling, naamlik die ekspressiewe funksie, komposisionele funksie, metalinguistiese of omskrywingsfunksie en situasionele funksie. Hierdie funksies van vertaling gaan vervolgens bespreek word.

2.4.1. Die referensiële (informatiewe) funksie in vertaling

Die referensiële funksie van 'n uiting behels verwysing na die objekte en verskynsels van die wêreld of van 'n spesifieke wêreld, soos 'n fiktiewe wêreld. Die referensiële funksie kan ontleed word volgens die aard van die betrokke voorwerp of verwysing. Indien die referent 'n feit of 'n onbekende toestand vir die ontvanger is, byvoorbeeld 'n verkeersongeluk, is die funksie van die teks om die leser in te lig, indien die referent 'n taal of 'n spesifieke gebruik van 'n taal is, kan die funksie van die teks metalinguisties wees of indien die referent 'n hele veld is wat die ontvangers moet leer, byvoorbeeld geografie, is die funksie van die teks didakties van aard.

Die referensiële funksie is gerig op voorwerpe in die werklike of 'n fiktiewe wêreld. Om uitvoering aan die referensiële funksie te gee, moet die vertaler in staat wees om die boodskap met sy/haar verwysingsraam van die betrokke wêreld in verband te bring.

Die referensiële funksie berus op die verstaanbaarheid van die teks. Die referensiële funksie van die teks lewer dus probleme op indien die lesers van die bron- en doeltaaltekste nie dieselfde hoeveelheid inligting deel oor die voorwerpe en verskynsels waarna verwys word nie, soos dikwels die geval met voorwerpe en verskynsels in die bronkultuur is. So is die Westerse kultuur onbekend met die Afrikakultuur se gebruik van verering van die voorvadergeeste.

2.4.2. Die ekspressiewe funksie in vertaling

Die ekspressiewe funksie in Nord (1997:41) se model verwys na die sender se houding teenoor die voorwerpe en verskynsels van die wêreld. Die funksies van die vertaling word onderverdeel volgens dit wat die sender uitdruk: Indien die sender, byvoorbeeld,

gevoelens of emosies in 'n tussenwerpsel uitdruk, het die vertaling 'n emotiewe subfunksie. 'n Teks kan 'n kombinasie van funksies of subfunksies hê. Nord (1997:41) verwys na Simone de Beauvoir se titel **Une mort très douce** waar die adjektief **douce** (soet) 'n emosie uitdruk wat die sterwende persoon ervaar. Die Engelse vertaling **A Very Easy Death** druk 'n soort evaluering uit, byvoorbeeld, 'n dokter se siening, en die Duitse sin **Ein sanfter Tod** kombineer die twee aspekte, omdat **sanft** uit die sterwende persoon se oogpunt as 'n soete dood beskryf word en uit 'n objektiewe oogpunt as pynloos.

Volgens Nord (1997:42) is die ekspressiewe funksie sendergeoriënteerd. Die sender se menings of houdings oor die verwysings is gegrond op die waardesisteem wat algemeen bekend aan die sender en ontvanger is. In die standaardvorm van interkulturele interaksie behoort die sender tot die brontekst en die ontvanger tot die doelkultuur. Aangesien waardesisteme deur kulturele norme en tradisies bepaal word, is dit moontlik dat die waardesisteem van die outeur van die brontekst en dié van die ontvangers wat tot die doelkultuur behoort, kan verskil. Die ekspressiewe funksie van die brontekst moet dus volgens die waardesisteem van die brontekst vertolk word. Indien die ekspressiewe funksie eksplisiet genoem word, deur, byvoorbeeld, die gebruik van emotiewe adjektiewe, byvoorbeeld **Cats are nasty, horrible things!** sal die leser verstaan, selfs al stem hy/sy nie saam met die stelling nie. Indien die ekspressiewe funksie egter implisiet genoem word, byvoorbeeld **A cat was sitting on the doorstep** kan lesers wat nie die waardesisteem verstaan waarop die uiting gegrond is nie, dit moeilik verstaan - is 'n kat op die drumpel 'n goeie of slegte teken?

2.4.3. Die appellatiewe (fokatiewe) funksie in vertaling

Die appellatiewe funksie is daarop gerig om ontvangers op 'n bepaalde manier te laat reageer. Indien ons iemand wil oorreed om 'n spesifieke produk te koop, maak ons die persoon bewus van sy/haar werklike of moontlike behoeftes deur die kwaliteite van die produk te beskryf wat veronderstel is om volgens die ontvanger se waardesisteem 'n positiewe waarde te hê.

Direkte aanduiders van die appellatiewe funksie is eienskappe soos imperatiewe of retoriese vrae. Die funksie kan ook indirek verkry word deur linguistiese of stilistiese middels met 'n verwysings- of ekspressiewe funksie, soos superlatiewe, adjektiewe of naamwoorde wat positiewe waardes verwoord.

Die appellatiewe funksie is ontvangergeoriënteerd. Die appellatiewe funksie sal nie suksesvol wees indien die ontvanger nie kan saamwerk nie. Voorbeelde van die appellatiewe funksie is metatekstuele sinspeling, metafore of vergelykings wat veral in die titels van boeke voorkom soos in **Hairy MacLary from Donaldson's Diary**, of intertekstuele sinspeling soos in H.E. Bates se **Fair Stood the Wind for France** waarna Nord (1997:43) verwys.

2.4.4. Die fatiese funksie in vertaling

Volgens Nord (1997:44) is die fatiese funksie van vertaling daarop gerig om kontak tussen sender en ontvanger daar te stel, in stand te hou of te beëindig. Dit vertrou op die konvensionaliteit van die linguistiese, nielinguistiese en paralinguistiese metodes wat in 'n spesifieke situasie gebruik word, soos geselsies oor die weer of die konvensionele gesegde wat as 'n aanhef in inligtingsbrosjures vir toeriste gebruik

word. 'n Voorbeeld hiervan is 'n brosjure oor 'n hotel wat deur die reisagentskap van die Duitse stad Bremen opgestel is, waarvan die aanhef met 'n spreekwoord begin: **Wie man sich bettet, so schläft man, sagt ein Sprichwort....Dabei wollen wir Ihnen, lieber Gast, mit dieser Hotelliste behilflich sein...** Die doel is om 'n vriendelike, humoristiese atmosfeer te skep. Indien die doelkultuur 'n soortgelyke spreekwoord het, bv. Frans: **Comme on fait son lit, on se couche....** kan die vertaler hierdie spreekwoord gebruik. Die Engelse vertaling is egter nie geskik om in hierdie konteks te gebruik nie: **As you make your bed so you must lie on it. That is why we hope that this Hotel List will be of service to you for your stay in Bremen.** Nog 'n voorbeeld is die Noord-Sotho spreekwoord **Ke swana ya mošate, wa e feta o a oba, wa e gapa o a oba.** Soos genoem onder 2.6 is 'n Noord-Sotho metafoor (waarby spreekwoorde en idioome ingebed is), 'n vorm van beeldspraak waar die werklikheid nie genoem word nie. Slegs een beeld word genoem waaruit die afleiding gemaak word. Die letterlike vertaling van 'n Noord-Sotho spreekwoord is dus slegs 'n beeld. Die ooreenstemmende Afrikaanse spreekwoord moet dus uit die beeld afgelei word. Die letterlike vertaling van hierdie Noord-Sotho spreekwoord is soos volg: **Dit is die swart koei van die stat, wie dit uitlos, het 'n probleem, wie dit aanjaag, het ook 'n probleem.** Die ooreenstemmende Afrikaanse spreekwoord wat uit hierdie beeld afgelei kan word, is **Om tussen die duiwel en die diep blou see te wees** of **Om tussen twee vure te wees.**

'n Onkonvensionele vorm trek die aandag en laat ons dink dat die outeur 'n spesifieke rede gehad het om iets op presies daardie manier te stel. 'n Fatiese uiting wat hoofsaaklik bedoel is om die aandag te trek, kan referensieel, ekspressief of appellatief wees indien die vorm nie ooreenstem met die ontvanger se verwagting van die konvensionele vorm nie. Die fatiese funksie berus dus grootliks op die konvensionaliteit van die vorm. Hoe meer konvensioneel die linguistiese vorm is, hoe

minder trek dit ons aandag. 'n Verdere eienskap van fatiese uitings is dat dit dikwels die soort verhouding tussen die sender en ontvanger uitdruk, byvoorbeeld formeel vs. informeel, simmetries vs. asimmetries.

2.4.5. Die ekspressiewe funksie in vertaling

Volgens Wendland (1985:27) word die ekspressiewe funksie gebruik om die gevoelens en bedoeling van die outeur uit te druk. Die klem val op die skrywer (die bron of skepper van die teks), sy/haar gemoed, menings, waardes en houdings. Die ekspressiewe funksie manifesteer fonologies, byvoorbeeld in volume en beklemtoning, leksikaal in uitroepe, in 'n eed en eerste persoon voornaamwoorde en sintakties deur konsulerende vrae, herhaling en ellips.

2.4.6. Die komposisionele funksie in vertaling

Die komposisionele funksie fokus op die makrostruktuur van die teks (boodskap) of die vorm van die inhoud van die teks (boodskap). Dit fokus hoofsaaklik op hoe die materiaal georganiseer is en tot watter genre die teks (boodskap) behoort. Net soos die estetiese funksie, vorm dit die artistieke dimensie van die teks (Wendland, 1985:123).

2.4.7. Die metalinguistiese (omskrywings-) funksie in vertaling

Die metalinguistiese funksie fokus op die kode van die tekens wat die kommunikasieproses onderlê. Dit behels gewoonlik 'n verduideliking van 'n woord of frase. Hierdie funksie verwys ook na die vermoë van 'n taal om die eienskappe daarvan te verduidelik, te benoem en te kritiseer. Volgens Wendland (1985:26) is die

metalinguistiese funksie ter sprake by materiaal wat hoofsaaklik denotatief of aanwysend van aard is en dus 'n soortgelyke beklemtoning as die referensiële of informatiewe funksie het.

2.4.8. Die situasionele funksie in vertaling

Die situasionele funksie fokus op die konteks waarbinne kommunikasie plaasvind of die omgewing wat die bron en ontvanger omring wanneer kommunikasie plaasvind. Wendland (1985:31) beweer dat die situasionele funksie 'n baie breë ruimte verteenwoordig wat tot verskille oor die presiese reeks en samestelling daarvan aanleiding kan gee. Volgens Wendland (1985:31) kan die belangrikheid van die situasionele funksie van vertaling nie oorbeklemtoon word nie, "for every utterance, in addition to its principal functional thrust, will always evince a varied degree of influence from both the linguistic and the extralinguistic context of use." Die situasionele funksie spesifiseer die boodskap (teks) met betrekking tot tyd, plek, kultuur, gemeenskap, genre en medium. Dit hou verband met die totale omgewing van die boodskap (teks) - linguisties, sowel as ekstralinguisties.

Nord (1997:46) beweer dat 'n vertaling aan die een kant 'n teks is wat op die ontvanger gerig is en dus 'n kommunikatiewe funksie het. Aan die ander kant is vertaling 'n soort doelkultuurvertenwoordiging of 'n plaasvervanger vir 'n doelkultuurteks. Taalteoretici, byvoorbeeld House (1977) en Reiss (1977), het probeer om hierdie oorwegings te sistematiseer deur die samestelling van 'n tipologie van vertalings. Nord (1989:100-105) grond haar tipologie van vertaling op streng funksionele terme wat behels dat sy 'n onderskeid tref tussen die funksie van die vertaalproses en die funksie van die doeltteks as resultaat van die vertaalproses. In dié verband onderskei sy twee soorte vertaalprosesse. Die eerste vertaalproses is daarop gerig om 'n dokument van

kommunikatiewe interaksie daar te stel waarin die sender van 'n bronkultuur deur middel van die bronteks en onder die voorwaardes van die bronkultuur met 'n gehoor van die bronkultuur kommunikeer. Die tweede vertaalproses is daarop gerig om 'n instrument vir nuwe kommunikatiewe interaksie tussen die sender van die bronkultuur en die gehoor van die doelkultuur daar te stel deur sekere aspekte van die bronteks as 'n model te gebruik. Op grond hiervan onderskei Nord (1997:47) tussen twee basiese vertalings, naamlik 'n dokumentêre vertaling en 'n instrumentele vertaling. Onder dokumentêre vertalings onderskei sy vier soorte, naamlik interliniêre vertaling, letterlike vertaling, filologiese vertaling en uitheemse vertaling (Nord, 1997:47-50).

1. **Interliniêre vertaling** is 'n woord-vir-woord-vertaling met die doel om die strukturele eienskappe van een taal met behulp van 'n ander aan te toon. Hierdie vertaling word gebruik in vergelykende taalkunde of in taalensiklopedieë.
2. In 'n **literêre vertaling** word die vorm van die brontaal behou deur sintaktiese strukture en die idiomatiese gebruik van woordeskat van die norme van die doeltaal te laat aanpas. Hierdie vertalings word veral gebruik vir aanhalings in koerantartikels.
3. By **filologiese vertalings** word die vorm en inhoud van die brontaal na die doeltaal oorgedra. Filologiese vertalings word veral gebruik in die vertalings van antieke tekste en in Bybelvertalings.
4. By **uitheemse vertalings** word die vorm, inhoud en situasie van die brontaal na die doeltaal oorgedra. Hierdie soort vertaling word veral in die vertaling van moderne prosa gebruik.

Onder instrumentele vertaling onderskei Nord (1997:50-52) drie soorte vertalings, naamlik funksioneel gelykwaardige vertaling, heterofunksionele vertaling en ooreenstemmende vertaling.

1. In **funksioneel gelykwaardige vertalings** is die doelteksfunksie dieselfde as dié van die bronteks en word gebruik vir die vertaling van tegniese tekste, rekenaarhandleidings en ander pragmatiese tekste soos resepte.
2. 'n **Heterofunksionele vertaling** word gebruik indien die funksie of funksies van die oorspronklike nie as 'n geheel of in dieselfde hiërargie behou kan word nie, as gevolg van kulturele diversiteit. 'n Voorbeeld van hierdie vertaling is **Gulliver's Travels** vir kinders.
3. In 'n **ooreenstemmende vertaling** is die doelteks veronderstel om dieselfde, of 'n ooreenstemmende, graad van oorspronklikheid met betrekking tot die kultuurspesifieke korpus van die bronteks te verteenwoordig. 'n Voorbeeld hiervan is die vertaling van gedigte.

Brislin (1976:3) onderskei tussen vier soorte vertalings, naamlik **pragmatiese vertalings** waarin gestreef word na kognitiewe ekwivalensie sodat die boodskap duidelik oorgedra word, **esteties-poëtiese vertalings** waarin die vertaler poog om die affek, emosie en gevoel van die bronteks, asook die estetiese vorm en inhoud van die boodskap te ewenaar, **etnografiese vertalings** waarin die vertaler poog om die kulturele konteks van die bron- en doelteks duidelik te maak en **linguistiese vertalings** wat gemoeid is met ekwivalente betekenis van die morfeme van die doeltaal en met grammatikale vorm. Volgens Brislin (1976:4) kan 'n vertaling selde as net een tipe geklassifiseer word.

2.5. LINGUISTIESE EN KULTURELE DIVERSITEIT EN EKWIVALENSIE

Bassnett-McGuire (1980:14) beskryf die verband tussen taal en kultuur soos volg:

Language (then) is the heart within the body of culture, and it is the intersection between the two that results in the continuation of life-energy.

Wat linguistiese en kulturele diversiteit tussen tale betref, beweer Jan Picard soos volg:

As the linguistic and cultural diversities between two language codes increase, so the probability of communicative inadequacy increases (1979:5).

2.5.1. Die begrip linguistiese diversiteit

Linguistiese diversiteit verwys na verskille tussen tale met betrekking tot die leksikon, sintaktiese eienskappe en redevoering, dit wil sê verskille tussen tale met betrekking tot die semantiek, sintaksis en pragmatiek.

Leksikon behels semantiese gebiede, konnotasies, variante vorme en registerverskille, die ideofoon, idiomatiese gebruik en woordspeling.

Sintaktiese kenmerke omsluit aspekte van beklemtoning, hulpwerkwoorde, verbale uitbreidings, spesiale sintaktiese kenmerke soos verkorte en saamgestelde strukture.

Redevoering, wat ekwivalensie op pragmatiese vlak behels, sluit nie net die retoriese elemente van styl in soos tradisioneel beskryf nie, maar sluit ook die meer komplekse

strukture van paragraaf, episode, afdeling, hoofstuk, ens., in (Nida, 1976:51). Volgens Bill (1982:92) behels dit ook kohesie en verband, gelyktydige en opeenvolgende handelinge, vlakke van redevoering, stilistiese eienskappe, figuurlike taalgebruik, en prosodiese elemente in die gesproke taal en hul belang by vertaling.

Die vertaler is voortdurend op die uitkyk vir leksikale ekwivalente tussen die bron- en die doeltaal, wat 'n baie moeilike proses kan wees. Die feit dat die doeltaal gepraat word deur mense van 'n kultuur wat verskil van die kultuur van diegene wat die brontaal praat, sal dit noodwendig moeilik maak om leksikale ekwivalente te kry. Die leksikon van die twee tale sal nie ooreenstem nie. Dit maak dit noodsaaklik vir die vertaler om baie veranderinge in die proses van vertaling te maak. Van den Broeck en Lefevere (1979:56) brei verder daarop uit en toon aan dat die grammatikale patrone verskil in die tale wat ter sprake is, nie net as gevolg van die spesifieke manier waarop leksikale items in sinne gekombineer word nie (sintaksis), maar ook op grond van die indeling in woordklasse en die werking van bepaalde grammatikale kategorieë, byvoorbeeld deïksis.

Dit gaan meebring dat die vorm van die vertaling heelwat van die vorm van die bronteks sal verskil, selfs wanneer die konsepte tussen die twee tale gedeel word.

Die konsepte in die brontaal wat ook in die doeltaal voorkom, die konsepte in die brontaal wat onbekend aan die sprekers van die doeltaal is en die leksikale items in die teks wat bydra tot die tema en ontwikkeling van die teks, is drie aspekte wat aandag moet kry wanneer daar na bevredigende ekwivalente gesoek word. Vir die doel van hierdie studie gaan dit net kortliks bespreek word.

Volgens Larson (1984:153-184) kan ekwivalente betekenis op die volgende maniere

verkry word vir konsepte in die brontaal wat ook in die doeltaal voorkom:

- * Die daarstelling van ekwivalente betekenis met behulp van 'n nieletterlike leksikale ekwivalent.
- * Die daarstelling van ekwivalente betekenis met behulp van beskrywende frases.
- * Die daarstelling van ekwivalente betekenis deur die gebruik van verwante woorde, naamlik sinonieme, doeblette, ontkenneende antonieme en resiprokale leksikale items.
- * Die daarstelling van ekwivalente betekenis deur middel van generies-spesifieke woorde.
- * Die daarstelling van ekwivalente betekenis deur die gebruik van woorde met 'n sekondêre en figuratiewe betekenis.

Ekwivalente vir konsepte in die brontaal wat onbekend aan die sprekers van die doeltaal is, kan op die volgende maniere weergegee word:

- * deur middel van die vorm en funksie van die teks;
- * deur 'n generiese woord te verander;
- * deur 'n leenwoord te verander; of
- * met behulp van 'n kulturele plaasvervanger.

Leksikale items in die teks wat bydra tot die tema en ontwikkeling van die teks benodig spesiale behandeling en ekwivalente vir die leksikale items kan deur middel van die volgende weergegee word:

- * Sleutelwoorde

- * Simboliese woorde
- * Woordkombinasies en valse letterlike vertaling
- * Implisiete en eksplisiete komponente van betekenis
- * 'n Tegniek wat Larson (1984:183) **false friends** noem

2.5.2. Die begrip kulturele diversiteit

Die kwessie van kulturele diversiteit is een van die groot vertaalprobleme waarmee 'n vertaler te doen kry. Vertaling behels nie net die oordrag van sekere betekenis of inhoude nie, maar ook van kulturele inligting.

Kulturele diversiteit verwys na waardes, idees, afkeure en ander samestellings wat 'n gemeenskap of subgroep binne 'n bepaalde gemeenskap kenmerk en wat van gemeenskap tot gemeenskap of subgroep tot subgroep verskil. Hierdie subgroepe kan etniese minderhede, verskillende sosiale klasse, teenkulture, generasies, geslagte en beroepsklasse insluit.

Aanhangers van linguistiese relativisme beweer die taal wat iemand praat, beïnvloed sy/haar denke, asook die manier waarop hy/sy die wêreld vertolk. Elke mens word op dié manier in sy/haar denke en aanvoeling gevorm en beïnvloed deur die taal wat hy/sy praat (Van den Broeck en Lefevere, 1979:57).

Larson (1984:170-171) voer aan dat daar leksikale items is waar nóg 'n generiese term, nóg 'n leenwoord met verandering as 'n vertalingsekwivalent vir kultuurgebonde items gebruik kan word. In sommige gevalle is dit die beste om die leksikale items in die brontaal te vertaal deur die woord vir 'n ding of gebeurtenis te gebruik wat nie presies dieselfde is nie, maar wat in die doeltaal voorkom. 'n Verwysing uit die ervaringswêreld

word gebruik in die plek van die onbekende referent van die bronkultuur. Hierdie tegniek is veral geslaagd indien vorm nie belangrik is nie en indien die funksie van die twee referente dieselfde is. So kan die gebeurtenis **begrawe** vertaal word met 'n woord wat beteken **om in 'n graf te plaas** indien die klem nie op die vorm val nie, aangesien die funksie dieselfde is, naamlik **om met die lyk weg te doen**. Plaasvervanging van kulturele items is veral geslaagd in tekste wat meer didakties van aard is of geskryf is om 'n sekere gevoel teweeg te bring, in plaas daarvan om feite te laat ooreenstem. As voorbeeld voer Larson (1984:172) 'n bronteks aan wat oor evangelisasie handel het. Die begrip **om tuine nat te lei**, is onbekend in Muyuw (Papua Nieu-Guinee). In die teks is gesê dat Paulus geplant het, Appollos water gegee het en God groei gegee het. In die vertaling is 'n kulturele plaasvervanger gebruik en die gedeelte is vertaal met **Paulus het geplant, Apollos het die pale ingeplant** (waarteen die plante oprank) **en God het die plante laat groei** (Larson, 1984:172). Die gevolg van plaasvervanging van kultuuritems is altyd 'n mate van verdraaiing van betekenis en moet nie gebruik word nie, tensy die ander moontlike oplossings nie doeltreffend is nie. Aan die ander kant bring die vervanging van kultuuritems dinamiese ekwivalensie tot stand. Daarsonder sou die gedeelte van die oorspronklike boodskap (die didaktiese of emotiewe gedeelte) dalk nie verstaanbaar gewees het nie.

2.5.2.1. Die term *Landeskunde*

Die term ***Landeskunde*** word gebruik om na die totale konteks van 'n land se kultuur te verwys. Dit sluit kennis in van die sosiale, ekonomiese, politiese, geografiese, historiese, godsdienstige en monitêre eiensortighede, asook gebruike en tradisies van die kultuur waaruit vertaal word. Die vertaler moet kennis neem van die totale kulturele raamwerk van die BT-kultuur en die DT-kultuur. Kultuur omsluit die volgende: volkseie vs. volksvreemde elemente wat sosiologies van aard is, nl. waardes, norme, taboes,

wette, sosiaalaanvaarbare gedrag, strafmaatreëls, politiek, ens.; dinamiese kultuur wat voedsel en kleding behels, familiebetrekkinge, d.i. statussimbole, argitektuur, ekonomie, kuns, literatuur, ens. en kultuurvermenging, nl. leenwoorde, neologismes en invloed op gebruike. Kultuur behels verder ook geografie en klimaat, plantegroei en omgewing, diere- en insek-lewe, asook arbitêre eienskappe van die taal, sintaksis, morfologie, semantiek, fonologie en woordeskat. Erdmenger & Istel (1973:10) omskryf die term **Landeskunde** soos volg:

Das, was unter Landeskunde zu verstehen ist, hat in der Vergangenheit eine vielfältige Interpretation erfahren, die sich nicht allein auf den Bereich des Fremdsprachenunterrichts beschränkt, sondern Disziplinen wie Geographie und die Sozialwissenschaften einschliesst.

Newmark (1988:94) omskryf kultuur soos volg:

I define culture as the way of life and its manifestations that are peculiar to a community that uses a particular language as its means of expressions.

Nida (1959:223) beklemtoon die feit dat die vertaler kennis moet dra van albei tale en die kulture waarmee hy/sy werk, "but this cannot be done outside the total framework of culture, of which the language in question is an integral part".

Dit is dus belangrik dat die vertaler nie net oor kennis van die taal beskik nie, maar ook oor kennis van die kultuur. Volgens Bassnett-McGuire (1980:17) is taal en kultuur onlosmaaklik met mekaar verweef. Enige gemeenskap orden sy eie werklikheid deur middel van sy taal. Die vertaler moet kennis neem van die manier waarop die brontaalgemeenskap die werklikheid van die teks in sy eie taalsisteem vergestalt om

die teks oor te plaas na die doeltaalsisteem om sodoende dieselfde werklikheid vir die doeltaalleser toeganklik te maak. Kennis van die kulturele agtergrond van die brontaal is vir die vertaler belangrik, aangesien vertaling nie net die vervanging van een nomenklatuur met 'n ander behels nie. Alhoewel daar soms woorde of terme is wat oënskynlik direk vervang kan word, is elke term die draer van 'n hele stel eiesoortige konnotasies. So het die terme *Kersfees*, *Christmas*, *Weihnachten* en *Noël* almal te make met feesvieringe oor die geboorte van Christus, die datum van die feesvieringe stem ook ooreen, maar elke volk het sy eie gebruike wat met die feesvieringe gepaard gaan (Bassnett-McGuire, 1980:17).

Dit is duidelik dat geen twee tale die kulturele wêreld op presies dieselfde manier indeel nie. So kan sekere elemente in 'n teks herlei word na gemeenskaplike ervarings van die groep waartoe 'n skrywer behoort. Hierdie elemente het elk hul eie konnotasiesisteme. Die vertaler moet dus rekening hou met die kulturele sisteme waarbinne hy/sy werk. 'n Vertaling moet gebruik maak van die bestaande waardestelsel in die doeltaal en -kultuur. So is feitlik enige persoons- of pleknaam 'n draer van konnotasies in die literêre teks wat die outeur dikwels laat deurskemer. Hierdie konnotasie moet ook in die vertaling teenwoordig wees. Hierdie aspek sal volledig in hoofstuk 4 bespreek word.

Dit is dus die taak van die vertaler om, wanneer hy/sy voor elemente in die teks te staan kom wat onbekend of vreemd vir die doeltaalkultuur is, die betekenis van die bronteks te ontleed en te eksplisiteer. Volgens Hafter (1984:26) is daar drie basiese metodes:

- * Deur die daarstelling van 'n stelsel van doeltreffende konnotatiewe kultuurbegrippe in die doelkultuur, wat neerkom op 'n verstelling of herskepping

tot iets met dieselfde assosiasie as die bronteks.

- * Deur die invoeging van metateks.
- * Deur verwerking, waar die stelsel of situasie vervang word met iets wat ongeveer parallel is in funksie in die doelkultuur (Hafter, 1984:26).

Die suksesvolle vertaler staan stewig op twee bene: die eerste is sy/haar kennis van en sensitiwiteit vir die tale waarmee hy/sy werk en die tweede sy/haar kennis en ondervinding van die kulture wat hierdie tale uitdruk. Die mate waartoe die vreemde kultuuumgewing in 'n vertaling behoue bly, hang hoofsaaklik van die funksie van die vertaling af (Nida, 1976:50).

Die gevolgtrekking wat dus gemaak kan word, is die volgende:

The less culture-bound a text is, the less need there will be for its structure to be modified. Conversely, the more culture-bound a text is, the more scope there may be for modification (Hatim & Mason, 1990:188).

2.6. METAFORE, SPREEKWOORDE EN IDIOME

2.6.1. Omskrywing en analise van metafore, spreekwoorde en idiome

Volgens Newmark (1982:84) is die hoofdoel van die metafoor om 'n entiteit, gebeurtenis of kwaliteit duideliker, meer presies en op 'n meer komplekse wyse te beskryf as wat moontlik is deur die gebruik van letterlike taal. Hierdie doel van die metafoor word

egter nêrens so beskryf nie:

I have never seen this purpose of metaphor stated in any textbook, dictionary or encyclopaedia. The issue is clouded by the idea of metaphor as an ornament, as a figure of speech, or trope, as the process of implying a resemblance between one object and another, as a poetic device.

In 'n poging om die metafoor te omskryf, beweer Mooij (1976:18) soos volg:

One notion we find in many approaches to metaphor which, in other respects, may widely differ, is that of strangeness or surprisingness of a metaphorical expression in its context.

Henle (1958:182) huldig dieselfde mening: "... the outstanding characteristic of metaphor is the sort of shock which it produces."

Die Concise Oxford Dictionary (1995:856) definieer metafoor soos volg:

The figure of speech in which a name or descriptive term is transferred to some object different from, but analogous to, that to which it is properly applicable; an instance of this, a metaphorical expression.

Metafoor is dus in der waarheid op 'n wetenskaplik waarneembare prosedure gegrond: die persepsie van 'n ooreenkoms tussen twee verskynsels, i.e. voorwerpe of prosesse. Die beeld kan fisies wees, maar word dikwels gekies vir sy konnotasies, in plaas van sy fisiese eienskappe en het 'n emotiewe effek (Newmark, 1982:84-85).

Die meeste teorieë oor metafore beperk hulle tot enkelmetafore of net die sin of sinseenhede. Vir die literêre vertaling het 'n mens egter 'n teorie nodig wat iets van die totaliteit laat blyk, wat met ander woorde met 'n teks as geheel werk.

Die definisie van Soskice (1987:15) is na my mening die beste, aangesien dit ook oorvereenvoudiging vermy, maar tog 'n breë visie het:

Metaphor is that figure of speech whereby we speak about one thing in terms which are seen to be suggestive of another.

Loewen (1975:228) stel hierdie definisie meer kernagtig deur te sê dat "a metaphor actually calls one thing by name of another".

Die belangrikste voordeel van hierdie definisie is moontlik dat dit wat Hrushovski (1984:6) beskryf as "preconceived notions which are still implicit in various definitions of metaphor" nie in die definisie voorkom nie. 'n Metafoor kan, na gelang van die konteks of omstandighede, nie noodwendig tot die volgende beperk word nie:

- * Een woord of 'n naam
- * Die grense van een sin
- * 'n Diskrete, statiese en gefabriseerde eenheid
- * Die vlak van linguistiese eenhede

Hrushovski (1984:7) beweer dat 'n metafoor een van bogenoemde kan wees, maar dat dit nie uitsluitlik net een van hierdie moontlikhede hoef te wees nie. Dit kan meer as 'n woord wees, die grense van 'n metafoor kan buite dié van 'n sin lê, dit kan 'n dinamiese patroon of 'n tekssemantiese patroon wees.

Spreekwoorde en idiome is in metafore ingebed:

Aristotle regards proverbs as metaphors from species to species, and approved hyperboles are also metaphors (Shibles, 1971:125).

Hintikka (1994:7) sluit hierby aan en beweer soos volg:

... metaphor is better regarded as a phenomenon of use than as a peculiarity of words or sentences - live metaphor, that is, metaphorical usages may, through being conventionalized or, as Searle puts it, "frozen", eventually enter the language in petrified form as a kind of ambiguity (as 'foot the bill', 'ruminate over a problem', 'grasp an idea', 'taken aback') or idiom (as 'kick the bucket', 'bite the bullet', 'three sheets to the wind').

Sinne wat hoegenaamd nie van die norm afwyk nie, kan ook metafories gebruik word. Spreekwoorde en spreektaaluitdrukkings is veral 'n ryk bron van metafore. Vergelyk die onderstaande voorbeelde:

1. I shall kick two birds with one stone.
2. He is up against the wall.

2.6.2. Die beginsel van totaliteit

Totaliteit is 'n belangrike beginsel vir die literêre vertaler. Die vertaler darf nie die geheelindruk van die werk verloor nie. Hy/sy kan die detail - die vorm en uitdrukking - verander, maar moet getrou bly aan die totaliteit. Die vertaler moet eers met 'n analise

van die literêre werk begin en probeer om die totaliteit te begryp voordat hy/sy die werk begin vertaal. Eers na 'n indringende analise is die literêre vertaler in 'n posisie om 'n kreatiewe oplossing vir die vertaling van die teks te vind (Kernaantekeninge:100-101).

Hierdie beginsel is ook van toepassing op die vertaling van metafore, spreekwoorde en idiome. Alhoewel die enkele metafoor, spreekwoord of idioom belangrik is, is dit veel belangriker dat die vertaler die totaliteit van die metafoor, spreekwoord of idioom in 'n werk weergee. Dit is meestal ingebed in die totaliteit van die gedig of woordkunswerk en het deel aan 'n ingewikkelde samespel van betekenis. Dit mag dalk nodig wees om die hele sentrale metafoor, spreekwoord of idioom met 'n ander metafoor, spreekwoord of idioom te vervang.

Ten opsigte van die vertaling van idiome beweer Lefevere (1992a:98) soos volg:

Finally there are certain phrases specific to each language (grammarians call them idioms) that would be utterly ridiculous if transposed into another language, or else they would create more ambiguities that could be avoided only if the translator were to resort to long circumlocutions.

Volgens hom is die vernaamste probleem wat die vertaler sal teëkom die vertaling van idiome of daardie uitdrukkings wat nie universeel tot die grammatika behoort nie, maar waarvan elke taal sy eie het en wat eksklusief deel van daardie taal is (Lefevere 1992a:133).

Lefevere (1992a:102) doen aan die hand dat die vertaler hom/haar moet wend tot woorde met verwante betekenis of selfs tot parafrases, solank hy/sy dit net nie op 'n buitensporige wyse doen nie. Indien die vertaler voor 'n spreekwoord, idioom of 'n

metafoor te staan kom, moet hy/sy dit nie met 'n ander spreekwoord, idioom of metafoor vertaal nie. Die vertaler moet die woorde weergee soos hulle is, en indien die betekenis daarvan onduidelik is, moet hy/sy dit kortliks in die kantlyn of met behulp van 'n voetnota verduidelik. Indien die vertaler dit nie doen nie, sal hy/sy, as gevolg van die verskil tussen die tale, al verder en verder van die outeur af wegbeweeg. Die vertaling van idioome neem ons 'n stap verder in die oorweging van die vraag na betekenis en kultuur in vertaling, aangesien idioome, soos woordspeling, kultuurgebonde is (Bassnett-McGuire 1980:23).

Dagut (1976:21-23) se opmerkings oor die probleme wat met die vertaling van metafore ondervind word, is interessant wanneer dit ook op die probleem van die vertaling van idioome van toepassing gemaak word:

Since a metaphor in the SL is, by definition, a new piece of performance, a semantic novelty, it can clearly have no existing 'equivalence' in the TL: what is unique can have no counterpart. Here the translator's bilingual competence - 'le sens' as Mallarmé put it 'de ce qui est dans la langue et de ce qui n'en est pas' - is of help to him only in the negative sense of telling him that any 'equivalence' in this case cannot be 'found' but will have to be 'created'. The crucial question that arises is thus whether a metaphor can, strictly speaking, be translated as *such*, or whether it can only be 'reproduced' in some way.

Volgens Bezuidenhout (1981:87) is 'n metafoor in Noord-Sotho 'n vorm van beeldspraak waar die werklikheid nie genoem word nie. Slegs een beeld word gebruik en hieruit moet die afleiding gemaak word, byvoorbeeld:

Makoko a swêrwê ke sefu.

'n Hoenderhaan is gevang deur 'n lokval.

'n Hoenderhaan is deur 'n wip gevang.

Hoogmoed kom voor die val.

2.6.3. Die metafoor as interaksie van verwysingsrame

Hrushovski se teorie van verwysingsrame

Hrushovski (1984:7) het 'n teorie van verwysingsrame ontwikkel. Hierdie teorie werk nie net met statiese eenhede of sinne nie, maar dit werk binne tekste of tekssegmente. Volgens hierdie teorie is die metafoor 'n dinamiese, veranderlike ding. Dit verander in die loop van die leesproses en is sensitief vir die konteks en vir die interpretasie van die leser. Grondliggend aan die werking van metafore in tekste lê 'n kruising of wisselwerking van verwysingsrame ("frames of reference"). Volgens Hrushovski (1984:7) is 'n verwysingsraam 'n voorstel vir die verbinding van verskillende stukke inligting in die teks. Verwysingsrame hoef nie volledig gespesifiseer te word nie. Hulle word gesuggereer of opgeroep, maar moet deur die leser voltooi word. Die vertaler moet soek na ekwivalente verwysingsrame en nie noodwendig na ekwivalente metafore nie. As 'n individuele metafoor nie vertaalbaar is nie, kan dit deur 'n ander metafoor vervang word, solank daar uiteindelik 'n ekwivalente verwysingsraam tot stand kom. Dit stel die vertaler in staat om die totaliteit voor oë te hou en nie tussen die besonderhede te verdwaal nie.

2.6.4. Vertaling van metafore

Verskeie vertaalteoretici soos Fields (1981:197), De Waard (1974:114-116), Larson (1984:252-254) en Beekman en Callow (1974:143-147) het verskillende metodes vir

die vertaling van die verskillende soorte metafore. Newmark (1982:88-91) onderskei sewe maniere, in volgorde van voorkeur, waarvolgens standaardmetafore vertaal kan word. Volgens Van den Broeck (1981:77-78) is daar teoreties vier moontlikhede om metafore te vertaal. Dit stem ooreen met die eerste vier moontlikhede van Newmark. Alhoewel die prosedures wat De Waard (1974:114-116) vir die vertaling van metafore voorstel, ook handig te pas sal kom in die vertaling van Noord-Sotho metafore in Afrikaans, is dit meer op die vertaling van Bybelse metafore van toepassing. Die moontlikhede wat Newmark (1982:88-91) gee waarvolgens metafore vertaal kan word, kan veral van toepassing gemaak word op die vertaling van Noord-Sotho metafore in Afrikaans. Hierdie moontlikhede is die volgende:

1. Om die konnotasie van die beeld wat in die metafoor in die brontaal gebruik word, met dieselfde beeld, en dus dieselfde konnotasie, in die doeltaal weer te gee, mits die beeld vergelykbare herhaling en duur in die toepaslike register het.

Hierdie prosedure word algemeen vir eenwoordmetafore gebruik, bv. die eenwoordmetafoor **sunny smile** in Engels word vertaal met **sonniges Lächeln** in Duits en met **sonnige glimlag** in Afrikaans. Die vertaling van komplekse metafore of idiome is heelwat skaarser en berus op kulturele oorvleueling, bv. die metafoor **his life hangs on a thread** in Engels word vertaal met **sein Leben hängt an einem Faden** in Duits en met **sy lewe hang aan 'n draadjie** in Afrikaans.

Dit is moeiliker om eenwoordmetafore weer te gee waar die emotiewe waarde 'n gebeurtenis of kwaliteit in plaas van 'n entiteit is. Hoe meer universeel die emotiewe waarde, hoe makliker kan dit vertaal word, bv. **golden hair** in Engels word vertaal met **goldenes Haar** in Duits en **goue hare** in Afrikaans. 'n Mens

kan egter nie die metafoor in Engels **to elbow one's way** in enige vreemde taal vertaal nie, tensy die metafoor verletterlik word, wat in Duits, byvoorbeeld, met **mit dem Ellbogen** vertaal sal moet word.

Wilde diere kan meer objektief beskryf word: tigers, wolwe, hiënas, leeu, olifante, bere en renosters het almal spesiale konnotasies: 'n leeu is dapper in Frans, die middelpunt van aandag in Duits en Engels; 'n tier is wreed in Engels en Duits, maar meer geslepe en listig in Frans; 'n olifant is lomp, onsensitief en vergeet nooit nie in enige Westerse Europese taal, as gevolg van sy voorkoms en miskien die lengte van die woord, terwyl hy in Russies geen konnotasie het nie. Die kennis van 'n renoster en sy onvoorspelbare temperament, het aanleiding gegee tot die ontstaan van die volgende spreekwoord in Noord-Sotho:

O re go bona tšhukudu o namêlê sehlare.

Jy sê om te sien 'n renoster, jy moet 'n boom klim.

Indien jy 'n renoster sien, moet jy in 'n boom klim.

Liewer bang Jan as dooie Jan.

2. Om die konnotasie van die beeld wat in die metafoor in die brontaal voorkom, te vertaal met 'n standaardbeeld wat dieselfde konnotasie in die DT-kultuur het.

Voorbeelde van eenwoordmetafore is **table** in Engels en **tafel** in Afrikaans en **pillar** in Engels en **Stütze** in Duits. Voorbeelde van komplekse metafore in Engels is **when in Rome, do as the Romans do**, of **if you can't beat them, join them** met die ooreenstemmende vertaling **ba re ba tšhaba, o tšhabe, ba êma, o ême** in Noord-Sotho. 'n Goeie vertaler moet hierdie komplekse metafore

egter met agterdog bejeën. Hierdie idiome en spreekwoorde is soms pittig, maar meer dikwels is die beeld onrealisties. Daar is dikwels die neiging om sulke metafore in die brontaal te vertaal met uitdrukkings wat die emotiewe waarde van die metafoor weergee.

Nog 'n aspek van metafore is eufemismes. Eufemismes moet gewoonlik deur 'n kulturele ekwivalent vervang word, tensy die vertaler probeer om die leser in te lig, in plaas daarvan om dieselfde uitwerking op hom/haar te hê as wat dit op die leser van die BT-teks het, byvoorbeeld:

Batho ke mo-ma-ôra-o-tuka, wa tima, ba a tloga.

Mense is warmmakers as die vuur brand, maar as dit doodgaan, gaan hulle weg, met ander woorde solank as wat jy vir iemand tot voordeel is, is hulle jou vriende, maar as hulle nie meer voordeel uit jou kan trek nie, verlaat hulle jou. In Afrikaans lees dit soos volg:

Hulle is mooiweersvriende.

3. Om die metafoor (of vergelyking) te vertaal met 'n beeld in die doeltaal wat dieselfde konnotasie en emotiewe waarde het.

Dit is die vanselfsprekende manier om die impak van die metafoor te verander, veral as die DT-teks nie 'n emotiewe karakter het nie. Dit kan gebruik word om enige soort woord, asook oorspronklike komplekse metafore te verander, bv.:

Batho ke meriti ya diphao.

Mense is (soos) die skaduwees van draadpale.

Hy is 'n regte verkleurmannetjie.

4. Om 'n metafoor (of vergelyking) met 'n metafoor (of vergelyking) te vertaal wat dieselfde emotiewe waarde as die metafoor (of vergelyking) in die brontaal het.

Dit het die voordeel dat kommunikatiewe en semantiese vertaling gekombineer word sodat die leek en die ingeligte dit verstaan, indien die gevaar bestaan dat die meeste lesers moontlik nie die eenvoudige vertaling van die metafoor sal verstaan nie. Die klem val hier op die opheldering in plaas van die ekwivalente effek, byvoorbeeld:

Maoto a kgobê ke meetse.

Die bene van 'n vis is die water.

Oos, wes, tuis bes.

5. Om die emotiewe waarde van die metafoor in die vertaling weer te gee.

Hierdie is 'n algemene prosedure, na gelang van die soort teks en is verkieslik bo enige vervanging van 'n BT-beeld deur 'n DT-beeld wat te wyd is vir die emotiewe waarde of die register (insluitend gereelde herhaling, asook die grade van formaliteit, emotiwiteit en algemeenheid).

Indien die emotiewe waarde van die metafoor in die vertaling weergegee word, moet die metafoor in onderdele ontleed word, aangesien die kern van 'n beeld die feit is dat dit meerdimensioneel is, andersins sou letterlike taal gebruik

gewees het, byvoorbeeld:

Ga gabô, mollo o timilê.

By hulle plek, die vuur het doodgegaan.

Die vuur het doodgegaan by hulle plek.

Hulle moeder is oorlede.

6. Delesie

Indien die metafoor oortollig of nutteloos is, kan dit, asook die emotiewe waarde wat dit uitdruk, weggelaat word, mits die BT-tekst nie gesaghebbend of ekspressief (met ander woorde 'n uitdrukking van die skrywer se persoonlikheid) is nie. 'n Besluit van hierdie aard kan slegs geneem word nadat die vertaler opgeweeg het wat hy/sy dink van minder belang in die tekst is in verhouding tot die bedoeling. 'n Weglating van 'n metafoor kan slegs regverdigbaar wees op grond daarvan dat die metafoor se funksie êrens anders in die tekst vervul is.

7. Om dieselfde metafoor met emotiewe waarde in die vertaling te kombineer.

Wanneer die konnotasie van die beeld van die metafoor vertaal word, kan dit gebeur dat die vertaler voel dat hy/sy 'n kantaantekening wil verskaf om te verseker dat dit verstaan word (Newmark, 1982:88-91).

2.6.5. Soorte metafore en probleme met die vertaling daarvan

Verskillende metafore word onderskei. Volgens Van den Broeck (1981:74-75; 78-83) het elke soort sy eie vertalingsprobleme.

Newmark (1982:85, 1988:106-113) onderskei vyf soorte metafore, naamlik dooie metafore, cliché metafore, geykte metafore, onlangse metafore (neologismes) en oorspronklike metafore. Hierdie soorte metafore gaan kortliks bespreek word:

* Dooie metafore

Dooie metafore is deel van die vergete metafore van die letterkunde en joernalistiek. Van den Broeck (1981:75) wys daarop dat ten spyte van die besware wat teen die gebruik van die term "dooie" ingebring kan word, gee die idee van "doodsheid" insig in die idee dat hierdie metafore hul uniekheid en oorspronklikheid geleidelik verloor het. Larson (1984:249) definieer dooie metafore soos volg: **"'Dead' metaphors** are those which are a part of the idiomatic constructions of the lexicon of the language."

* Cliché metafore

Newmark (1988:107) definieer cliché metafore as "metaphors that have perhaps temporarily outlived their usefulness, that are used as a substitute for clear thought, often emotively, but without corresponding to the facts of the matter". Dit blyk dat die verskynsel wat algemeen as 'n cliché beskou is, as 'n cliché metafoor gekategoriseer word. Volgens Newmark is cliché metafore 'n duister area tussen dooie en geykte metafore. Newmark (1980:94) voer aan dat clichés gewoonlik uit twee soorte stereotipe kollokasies bestaan: 'n figuratiewe adjektief plus 'n letterlike naamwoord - 'n enkelvoudige metafoor - bv. **filthy lucre** of 'n figuratiewe werkwoord plus 'n figuratiewe naamwoord - 'n komplekse metafoor - byvoorbeeld **om geen steen onaangeroer te laat nie**, dit staan soos 'n paal bo water. Sekere modewoorde soos parameter, strategie, infrastruktuur, model, profiel en beslissend word clichés as gevolg van ontoepaslike gebruik of misbruik. In dié verband beweer Newmark (1982:87)

soos volg:

As I see it, a translator is entitled to get rid of clichés in any informative text where only facts (or theories) are sacred and, more riskily, in a 'socially operative' or 'vocative' text (where the vocative function of language predominates) such as propaganda or publicity, where the translator might be considered to be justified in helping the author obtain the optimum reaction from the reader.

* Geykte metafore

Geykte metafore is die grootste en belangrikste groep metafore en Newmark (1988:108) omskryf geykte metafore soos volg:

...an established metaphor which in an informed context is an efficient and concise method of covering a physical and/or mental situation both referentially and pragmatically which is not deadened by overuse.

Baie geykte en cliché metafore oorvleuel, maar dit is die taak van die vertaler om te probeer om hulle so akkuraat as moontlik weer te gee (Newmark, 1988:108). Geykte metafore kan kulturele (kulturele afstand of kulturele oorvleueling), universele (of ten minste wydverspreide) en subjektiewe aspekte hê.

* Onlangse metafore (neologismes)

Onlangse metafore is gewoonlik neologismes wat vinnig in die BT versprei het, byvoorbeeld **the name of the game, head-hunters**. 'n Onlangse metafoor kan ook 'n metafoor wees waarin 'n aantal prototipiese kwaliteite vernuwe word, byvoorbeeld **with it** as 'n beskrywing om in die mode te wees.

* Oorspronklike metafore

Dagut (1976:23) beskryf oorspronklike metafore as "unique semantic creations". Newmark (1988:112) plaas in hierdie kategorie ook die bisarre metafore in anonieme nieliterêre tekste soos **Good Faith amid the Frothings**. Ander voorbeelde van oorspronklike metafore wat algemeen in letterkunde voorkom, is, byvoorbeeld, die volgende: "His mind bred vermin. His thoughts bred vermin. His thoughts were lice born of the sweat of sloth." (Joyce, 1982:211.)

Newmark (1982:85) onderskei verder tussen eenwoordmetafore, bv. **a sunny girl** of **hlogo ya taba** 'die waarheid van 'n saak' en komplekse metafore wat wissel van twee of meer woorde of idiome, bv. **catch a fish** tot bykans al die spreekwoorde en selfs gedigte. In 'n latere werk onderskei Newmark (1988:106) ook tussen universele, kulturele en persoonlike metafore. Hy gaan van die standpunt uit dat sommige metafore verband hou met die individu, sommige met die kultuur, terwyl ander universeel toegepas kan word.

Van den Broeck (1981:75) onderskei drie soorte metafore op grond van hul graad van geyktheid:

- * Die mees geykte soort is die sogenaamde dooie of geleksikaliseerde metafore. Hulle het deel geword van die leksikon van 'n taal. Die oorspronklike letterlike

betekenis van die metafoor word nie meer aangevoel nie, byvoorbeeld, **hy is 'n jakkals**.

- * Die tweede soort is konvensionele metafore. Hulle is tradisioneel en geyk, byvoorbeeld die roos as beeld van die liefde.
- * Die derde soort is persoonlike of poëtiese metafore - die gedurfde nuutskeppings van individuele digters en skrywers. Breyten Breytenbach praat bv. van **vergrootson** of van **'n geboortevlies van mistigheid**.

Dagut (1976:23) onderskei tussen die volgende soorte metafore:

- * Vergete (**forgotten**) metafore wat met Newmark se onderskeid van dooie metafore en Van den Broeck se onderskeid van geleksikaliseerde metafore ooreenstem.
- * Geykte (**stock**) metafore wat met Van den Broeck se onderskeid van konvensionele metafore ooreenstem.
- * Gebalsemde (**embalmed**) metafore wat ooreenstem met Newmark se onderskeid van oorspronklike metafore en Van den Broeck se onderskeid van persoonlike of poëtiese metafore.

Larson (1984:249) en Fields (1981:194) onderskei albei tussen lewendige en dooie metafore.

By die vertaling van metafore moet die vertaler kulturele, universele en persoonlike elemente in die metafoor in ag neem, asook of kommunikatiewe of semantiese vertaling gebruik moet word (Newmark, 1982:32-33). Bezuidenhout (1981:5) sluit hierby aan deur te sê dat dit 'n moeilike taak vir, byvoorbeeld, 'n Afrikaanssprekende persoon is om 'n spreekwoord van die Noord-Sotho presies te verstaan en te evalueer. Die skepping van 'n spreekwoord geskied in elke persoon se eie taal en dan nog in 'n eie dialek teen 'n bepaalde kulturele agtergrond wat uitgedruk word in woorde wat saamhang met die belewenis van die skepper daarvan. Mense buite 'n betrokke kultuur kan moeilik verstaan wat 'n spreekwoord of 'n gesegde in 'n ander taal eintlik wil sê. So bestaan daar selfs begripsprobleme by jongmense van 'n eie volk omdat hulle nie volkome in pas is met die gebruike van hul voorouers van 'n paar eeue, of selfs dekades, gelede nie.

Die vertaalbaarheid van die verskillende soorte metafore verskil. Dooie metafore is baie moeilik vertaalbaar, omdat hulle sterk in die kultuur- en taalsisteem ingebed is. Volgens Van den Broeck (1981:82) is hulle soms "the main challenge" vir 'n vertaler, veral as hulle struktureel relevant in die teks is. Daar is oor die algemeen 'n groot gevaar van oorvertaling van dooie metafore, omdat die geyktheid van metafore dikwels nie besef word nie. Daar word daarna verwys as "translator's illusion" - die illusie dat alle woorde in 'n vreemde teks ewe belangrik is en dat selfs dooie metafore nuut en oorspronklik is. Die vertaler moet dus 'n besondere kennis van die brontaal en -kultuur hê.

Indien dooie metafore in tekste geheraktiveer of verletterlik word, is hulle bykans onvertaalbaar, omdat hulle formeel relevante trekke bevat waarvoor daar moontlik geen ekwivalente in die doelsisteem bestaan nie.

Konvensionele metafore is klaarblyklik ewe moeilik vertaalbaar as dooie metafore, omdat hulle in 'n kulturele tradisie ingebed is. Die gemeenskaplike kulturele tradisie van die Weste maak egter dat hulle meestal doeltreffend tussen Westerse tale vertaal kan word. Volgens Van den Broeck (1981:75) het die gemeenskaplike tradisie deels deur vertaling ontstaan - die strewe om die klassieke tekste te vertaal. Dit is deel van die wêreldliteratuur. Die probleem is om die gepaste metaforiese register te kies, sodat 'n konvensionele metafoer nie oor- of ondervertaal word nie - dus in die doeltaal nie as 'n dooie metafoer of as 'n poëtiese metafoer vertaal word nie. Die vertaler moet 'n fyn aanvoeling hê vir die graad van geyktheid binne die BT-sisteem.

Persoonlike metafore is oor die algemeen makliker vertaalbaar as dooie of konvensionele metafore. So 'n metafoer is 'n nuutskepping en is soms direk vertaalbaar omdat dit so nuut en vreemd is. Andersyds is daar die probleem dat dit net met 'n vergelykbare nuutskepping vertaal kan word en dus hoë eise aan die kreatiwiteit van die vertaler stel. Klopfer (1967:116) huldig die standpunt dat hoe gewaagder 'n metafoer is, hoe makliker kan dit vertaal word.

Van den Broeck (1981:80) gebruik ook Heine se gedig *Ein Fichtenbaum* as 'n voorbeeld. Die sentrale beeld in die gedig is die teenstelling tussen **ein Tannenbaum** (manlik) en **eine Palme** (vroulik). Dit is moeilik vertaalbaar in 'n taal sonder grammatikale geslag. Die vertaler sal 'n ander ekwivalent moet gaan soek, bv. bome wat tradisioneel met mans en vroue verbind word.

Hoe sterker 'n oorspronklike metafoer natuurlik in sy kulturele tradisie ingebed is, hoe moeiliker word dit om dit te vertaal. Die literêre sisteem waaruit so 'n metafoer kom, speel ook 'n rol. Selfs die doelsisteem kan 'n rol speel. Sekere metafore kan te nuut en gewaagd wees om aangepas te kan word en kan dikwels in die vertaalproses

afgewater word (Kernaantekeninge:110).

3. GEVOLGTREKKING

Vertalingsekwivalensie is 'n moeilik definieerbare begrip. Verskillende teoretici het elk hul eie definisie van die begrip. Daar word tussen twee soorte ekwivalensie onderskei, naamlik formele (semantiese) ekwivalensie en dinamiese (kommunikatiewe) ekwivalensie. Optimale vertaling van tekste veronderstel ekwivalensie op drie vlakke, naamlik semantiese vlak, sintaktiese vlak en pragmatiese vlak.

Die mate van linguistiese en kulturele diversiteit beïnvloed die mate waartoe die vertaling kommunikatief doeltreffend sal wees. Hoe groter die linguistiese en kulturele diversiteit tussen twee tale, hoe groter die moontlikheid van kommunikatiewe ondoeltreffendheid. Taal is in kultuur ingebed.

Metafore het dikwels 'n dramatiese en skokkende uitwerking en is gegrond op 'n ooreenkoms tussen twee voorwerpe of prosesse. In sommige gevalle kan die beeld fisies wees, maar dit word meer dikwels gekies vir die konnotasies daarvan in plaas van die fisiese eienskappe, bv. **sy is 'n kat**. Metafore het 'n sterk emotiewe effek. Newmark (1982:85) onderskei vyf soorte metafore, Van den Broeck (1981:75) en Dagut (1976:23) onderskei drie soorte metafore en Larson (1984:249) onderskei twee soorte metafore. Elkeen van hierdie metafore lewer hul eie probleme met vertaling op. Spreekwoorde en idioome is in metafore ingebed. By die vertaling van metafore moet die vertaler kulturele, universele en persoonlike elemente in die metafoor in ag neem, en ook besluit of kommunikatiewe of semantiese vertaling gebruik moet word. Die skepping van 'n spreekwoord geskied in elke persoon se eie taal en in 'n eie dialek teen 'n bepaalde kulturele agtergrond wat uitgedruk word in woorde wat saamhang met

die belewenis van die skepper van die spreekwoord. Mense buite 'n betrokke kultuur, byvoorbeeld Afrikaanssprekendes, kan moeilik verstaan wat 'n spreekwoord in 'n ander taal, byvoorbeeld Noord-Sotho, eintlik wil sê.

'n Studie van die vertaalteorie alleen bied nie 'n oplossing vir die praktiese probleme waarmee die vertaler te doen kry nie.

Die vertaler moet kennis neem van die verskillende vertaalteorieë, maar kan nie 'n enkele benadering rigied navolg en die res verwerp nie. Die vertaler moet eklekties te werk gaan en hom/haar laat lei deur die aard en inhoud van die bronteks, die eiesoortige karakter van die bron- en doeltaal, asook die behoeftes van die reseptorgroep. Die vertaler moet ook besef dat sy/haar eie aanvoeling die belangrikste hulpmiddel is.

In hoofstuk 3 gaan 'n genre-indeling van literêre werke in Noord-Sotho gemaak word en ondersoek gaan ingestel word na die noodsaaklikheid van die vertaling van Noord-Sotho literêre werke. Aandag gaan ook geskenk word aan die kommunikasieproses in vertaling en die kommunikatiewe elemente wat vertaling moet besit om 'n doeltreffende, geslaagde vertaling te wees.

HOOFSTUK 3: DIE VERTALING VAN 'N NOORD-SOTHO EPIESE GEDIG

INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan ondersoek ingestel word na die noodsaaklikheid van die vertaling van Noord-Sotho literêre werke. 'n Genre-indeling van literêre werke in Noord-Sotho gaan gemaak word. Aandag gaan ook geskenk word aan die kommunikasieproses in vertaling en die kommunikatiewe eienskappe wat 'n vertaling moet besit om 'n doeltreffende, geslaagde vertaling te wees.

3.1. VERTAALBAARHEID EN DOELTREFFENDE VERTALING

Filoloë, teoretici en vertalers is steeds verdeeld oor die kwessie of vertaling moontlik is of nie. Volgens Van Leuven-Zwart (1992:12) is die vraag of vertaling moontlik is, "een onzinnige vraag", want die beste antwoord en bewys "wordt immers door de praktijk geleverd: er wordt sinds mensenheugenis vertaald..." Volgens Van den Broeck & Lefevere (1979:55) sal vertaalbaarheid altyd 'n relatiewe aangeleentheid bly, aangesien party tekste hul beter tot vertaling leen as ander. Nida (1976:63) wys daarop dat die kwessie van onvertaalbaarheid opduik wanneer aangedring word op absolute in plaas van relatiewe ekwivalensie. Hy beweer soos volg in dié verband: "If one is to insist that translation must involve no loss of information whatsoever, then obviously not only translating but all communication is impossible." Vertaalbaarheid is dus 'n relatiewe begrip wat op verskeie faktore berus.

Volgens Catford (1965:93) is vertaalbaarheid "... a **cline** rather than a clear cut dichotomy." Catford (1965:93) wys verder daarop dat 'n BT-tekst en -items min of meer vertaalbaar eerder as absoluut vertaalbaar of onvertaalbaar is.

Tog ontken Catford (1965:94) die kwessie van onvertaalbaarheid nie heeltemal nie, soos blyk uit die onderstaande stelling:

Translation fails - or untranslatability occurs - when it is impossible to build functionally relevant features of the situation into the contextual meaning of the TL text.

Catford (1965:94) onderskei twee soorte onvertaalbaarheid:

Broadly speaking, the cases where this happens fall into two categories. Those where the difficulty is *linguistic*, and those where it is *cultural* (Catford, 1965:94).

Onvertaalbaarheid op linguistiese vlak kom voor wanneer daar geen leksikale of sintaktiese plaasvervanger in die DT vir die BT-item is nie. Die eienskap, teks of item is dan (relatief) onvertaalbaar. So is, byvoorbeeld, die Duitse sin **Um wieviel Uhr darf man Sie morgen wecken?** onvertaalbaar, omdat die sinstrukture nie in Afrikaans voorkom nie. Sodra die reëls van Afrikaanse sinstrukture toegepas en die Duitse woordorde verander word, kan die sin egter doeltreffend in Afrikaans vertaal word met **Hoe laat kan ek u môre wakker maak?** Popovic (aangehaal deur Bassnett-McGuire, 1980:32) ondersteun ook hierdie siening van linguistiese onvertaalbaarheid. Volgens Catford (1965:94) is linguistiese onvertaalbaarheid die gevolg van verskille tussen die bron- en die doeltaal. Catford (1965:98) stel linguistiese onvertaalbaarheid soos volg:

....is called linguistic untranslatability because failure to find a TL equivalent is due entirely to differences between the source *language* and the target *language*.

Kulturele onvertaalbaarheid, daarenteen, is die gevolg van die afwesigheid van 'n toepaslike situasionele eienskap in die DT-kultuur vir die BT-teks. Catford (1965:99) beskryf kulturele onvertaalbaarheid soos volg:

What appears to be a quite different problem arises, however, when a situational feature, functionally relevant for the SL text, is completely *absent* from the culture of which the TL is a part. This may lead to what we have called *cultural untranslatability*.

As voorbeeld van kulturele onvertaalbaarheid voer hy die verskillende begrippe aan wat in 'n Engelse, Finse of Japanese konteks aan die term **bathroom** geheg word, waar die voorwerp en die gebruik van die objek nie dieselfde is nie. 'n Toepaslike situasionele eienskap vir die BT-teks ontbreek dus in die DT-kultuur. Die Finse leksikale item **sauna** kan in sekere tekste met **bath** of **bathhouse** as 'n toereikende vertalingsekwivalent vertaal word. Hierdie Finse en Engelse instellings verskil egter en 'n **sauna** is nie altyd 'n aparte gebou nie - dit kan, byvoorbeeld, 'n kamer in 'n huis, hotel of op 'n skip wees. Die Japanese leksikale item **huro(-ba)** blyk makliker vertaalbaar te wees met **bath** of **bathroom** as die Finse **sauna**. Die Japanese **bath(room)** verskil in sommige gevalle net so veel van die Engelse **bath(room)** soos die Finse **sauna** en albei hierdie nie-Engelse instellings het nie-Engelse eienskappe in gemeen. In teenstelling met die Engelse bad, wat gewoonlik 'n private aktiwiteit is, is, of kan, die Finse en Japanese bad 'n gemeenskapsaktiwiteit wees. Die Finse en Japanese badkamers verskil, elk op sy eie manier, in die bou en meubilering van die Engelse badkamer. Die gebruik van die **sauna** verskil egter nog meer van die gebruik van die Engelse bad of badkamer en behels nie die natmaak en was van die liggaam in warm water nie. Dit word buite die **sauna** gedoen en is nie 'n integrale deel van die proses om 'n sauna te neem nie. Die Japanese bad, soos die Engelse bad, behels die

natmaak en was van die liggaam as 'n integrale deel van die badproses en word in die badkamer self gedoen (Catford, 1965:99). Die leser het dus 'n begrip van die term wat op sy/haar eie kulturele konteks gegrond is en hy/sy sal sy/haar kulturele verwysingsraamwerk dienoooreenkomstig aanpas.

Popovic (aangehaal deur Bassnett-McGuire, 1980:34) poog om onvertaalbaarheid te definieer sonder om 'n onderskeid tussen die linguistiese en kulturele aspekte te tref. Volgens Bassnett-McGuire (1980:34) onderskei Popovic, net soos Catford (1965:94), ook twee tipes onvertaalbaarheid. Die eerste tipe onvertaalbaarheid word soos volg gedefinieer:

A situation in which the linguistic elements of the original cannot be replaced adequately in structural, linear, functional or semantic terms in consequence of a lack of denotation or connotation.

Die tweede tipe strek verder as die suiwer linguistiese:

A situation where the relation of expressing the meaning, i.e. the relation between the creative subject and its linguistic expression in the original does not find an adequate linguistic expression in the translation (Bassnett-McGuire 1980:34).

Volgens Bassnett-McGuire (1980:34) stem Popovic se eerste tipe onvertaalbaarheid met Catford se kategorie van linguistiese onvertaalbaarheid ooreen. Popovic se tweede tipe vertalingsekwivalensie, soos Catford se sekondêre kategorie, illustreer die probleme wat verband hou met die beskrywing en definiëring van die beperkings van vertaalbaarheid. Die verskil lê daarin dat die vertrekpunt van Catford se teorie oor

onvertaalbaarheid die linguistiek is, terwyl Popovic sy teorie oor onvertaalbaarheid benader vanuit 'n posisie wat 'n teorie van literêre kommunikasie behels. As voorbeeld voer Bassnett-McGuire (1980:34) die uitdrukking *Bon appetit* aan. Nog 'n voorbeeld is die interessante frases wat in Noord-Sotho gebruik word om aan te dui dat iemand oorlede is, byvoorbeeld **O ile badimong** (hy het na die voorvadergeeste gegaan) en **O jelwe ke phiri** (hy is deur die wolf geëet).

Newmark (1988:6) huldig egter nie Catford of Popovic se standpunte oor onvertaalbaarheid nie. Volgens Newmark is alles, sonder uitsondering, vertaalbaar. Hy beweer soos volg in dié verband: "...the translator cannot afford the luxury of saying that something cannot be translated."

Newmark (1988:6) beskryf vertaling soos volg:

Translation is an instrument of education, as well as of truth precisely because it has to reach readers whose cultural and educational level is different from...that of readers of the original...

Die vraag wat dus by doeltreffende vertaling ter sprake is, is oor watter aspekte na die doeltaalsisteem oorgedra moet word en watter weggelaat moet word. Hatim en Mason (1990:93) gee twee riglyne in hierdie verband, naamlik "achieving maximum transmission of relevant content or fulfilment of a communicative goal" en "achieving it in the most economical way, involving minimum expenditure of processing effort". Die vertaler se bydrae moet dus so informatief wees as wat vereis word, wat beteken dat die vertaler hom- of haarself in die posisie van die leser moet plaas en besluit of die inligting eksplisiet genoeg - en dus doeltreffend - in terme van die leser van die doeltaal se kognitiewe omgewing gestel is. Hatim en Mason (1990:93) stel dit soos volg: "Is

the gain in effectiveness sufficient to warrant the extra processing effort involved?"

Dit kan beteken dat dit, byvoorbeeld, nodig mag wees om nie net 'n persoon se naam van die BT-teks na die DT-teks oor te dra nie, maar ook om 'n kort beskrywing van die persoon te gee. Die naam **M Bernard Tricot** in die BT-teks kan dus met **Mr Bernard Tricot, the special investigator** in die DT-teks vertaal word. Indien die naam **M Bernard Tricot** in die BT-teks na die DT-teks oorgedra word as **Mr Bernard Tricot, the special investigator appointed by the French President with the remit of producing a report on the whole affair and specifically the alleged involvement of the French secret services...** sal dit beslis meer inligting bevat, maar die (aansienlik) ekstra moeite wat met die verwerking van die teks gepaardgaan, weeg swaarder as die (relatiewe klein) toename in doeltreffendheid.

Hatim en Mason (1990:96) voer ook aan dat die vertaler dikwels self besluit watter inligting nie van belang vir lesers van die brontaaltekst is nie. Die vertaler se bydrae moet dus ook nie meer informatief wees as wat vereis word nie.

Hatim en Mason (1990:106-107) gee ook riglyne hoe om kulturele terme te vertaal. In die eerste plek identifiseer die vertaler die term. Tweedens soek die vertaler na 'n geskikte ekwivalent in die doeltaal wat voldoende inligting oor die term verskaf sodat dit vir die doeltaallezer verstaanbaar is. Indien die ekwivalent in die doeltaal onvoldoende is, moet die vertaler poog om, byvoorbeeld, deur middel van sinonimie, uitbreiding en parafrase, die ekwivalent te eksplisiteer. Die vierde stap is transformasie, waar die vertaler bepaal watter inligting verlore gegaan het. Volgens Newmark (1982:7) sal daar altyd 'n mate van verlies van betekenis ontstaan as 'n teks vertaal word:

...if the text describes a situation which has elements peculiar to the natural environment, institutions and culture of its language area, there is an inevitable loss of meaning, since the transference to (...) the translator's language can only be approximate.

Hervey & Higgins (1992:40) sluit hierby aan en beweer soos volg: "The aim is to reduce some of the more undesirable translation losses that necessarily result from the fundamental structural and cultural differences between SL and TL."

Uit die riglyne van Hatim en Mason (1990:106-107) blyk dit dat verduideliking in die geval van die vertaling van kultuuritems in literêre werke die enigste aanvaarbare oplossing is. In so 'n geval sal die vertaling dus meer spasie beslaan as in die geval van 'n vertaling waar geen verduidelikings van kultuuritems gegee word nie. Dit kan egter meebring dat die vertaling, alhoewel dit altyd moontlik is, nie dieselfde impak as die oorspronklike sal hê nie.

Wanneer dit by praktiese vertaling kom, kom daar heelwat onvertaalbare elemente voor. Van den Broeck en Lefevere (1979:61-66) onderskei 'n aantal vertaalbaarheidswette om die vertaalbaarheid van 'n teks te bepaal:

- * Hoe groter die vertalingseenheid, hoe groter die vertaalbaarheid en omgekeerd.
- * Hoe kleiner die hoeveelheid inligting, hoe minder kompleks is die struktuur en hoe groter is die vertaalbaarheid en omgekeerd.
- * Vertaalbaarheid is groter wanneer daar kontak tussen die bron- en doeltaal is.

- * Vertaalbaarheid is groter tussen twee nieverwante tale, mits die voorwaardes in die voorafgaande wette geld en daar gelet word op skynoooreenkomste.
- * Vertaalbaarheid word ook beïnvloed deur die ekspressie- of uitdrukkingsmoontlikhede van die doeltaal.

Newmark stel voor dat 'n kognitiewe analitiese vertaling eers gedoen word. Dit is 'n soort "voorvertaling" waar die doeltaal eers ontleed word:

A cognitive translation may serve as a 'tertium comparationis' between texts with distant cultures and radically different language structures (Newmark, 1988:41).

Newmark (1982:70-83) gee dan ook 'n aantal praktiese wenke vir die vertaling van kulturele of landeskundige probleme:

1. Eiename val gewoonlik buite taal en is onvertaalbaar of moeilik om te vertaal - dit moet dus nie vertaal word nie, hoewel uitsonderings wel in sekere gevalle gemaak kan word.
2. Historiese institusionele terme moet hul oorspronlike vorm behou, behalwe indien reeds gevestigde vertaalde ekwivalente bestaan.
3. Die vertaler moet seker maak van aanvaarde internasionale institusionele terme soos deur vertaalspanne by internasionale organisasies bepaal is.
4. By nasionale institusionele terme gee Newmark spesifieke vertaalprosedures vir

politieke, finansiële, administratiewe en sosiale terme en algemene kriteria vir verwysing.

5. Kulturele terme word dikwels net so gebruik omdat hulle kleur aan die land van oorsprong gee. Dit is egter belangrik dat die vertaler moet besin of die terme nog verstaanbaar gaan wees vir die teikenpubliek.

3.2. KOMMUNIKASIE AS VEREISTE VIR 'N GESLAAGDE VERTALING

Aangesien dit in vertaling hoofsaaklik om kommunikasie gaan, word daar gekonsentreer op die elemente wat vertaling moet besit om sinvol te kommunikeer. Vir goeie kommunikasie moet die vertaalde teks toeganklik wees vir die doeltaalleser. Volgens Hatim en Mason (1990:41) moet die vertaler oor sekere kennis en vermoëns beskik om te verseker dat die vertaalde teks daardie elemente besit wat noodsaaklik vir goeie kommunikasie is.

- * Die vertaler moet kennis hê van die reëls van woordeskat en woordvorming, uitspraak of spelling en sinstruktuur (om die letterlike betekenis van uitings te verstaan en uit te druk). Hierdie kennis stel die vertaler in staat om die brontaal grammatikaal korrek in die doeltaal te vertaal.
- * Tweedens moet die vertaler oor die kennis en vermoë beskik om uitings in die bepaalde konteks reg te interpreteer en op so 'n wyse in die doeltaal te vertaal dat dit toeganklik en verstaanbaar vir die doeltaalleser is. Die vertaler moet dus poog om die linguistiese diversiteit tussen die bron- en doeltaal wat 'n gevolg van kulturele diversiteit is, te oorbrug. Hy/sy moet kennis neem van die manier waarop die brontaalgemeenskap die werklikheid van die teks in sy eie

taalsisteem vergestalt om as vertaler die teks na die doeltaalsisteem oor te plaas om sodoende dieselfde werklikheid vir die doeltaalleser toeganklik te maak. Hierdie aspek word volledig in hoofstuk 4 bespreek.

- * Derdens moet die vertaler oor 'n diskoersvermoë beskik. Dit is die vermoë om vorm en betekenis te kombineer. Hierdie vermoë hang af van kohesie in vorm - die manier waarop uittings struktureel gekoppel word om interpretasie van die teks te vergemaklik - en samehang in betekenis (verhoudinge tussen verskillende betekenis in 'n teks, letterlike betekenis, kommunikatiewe funksies of sosiale betekenis).
- * Laastens moet die vertaler oor 'n strategiese vermoë beskik: die vertaler moet kommunikasiestrategieë doeltreffend kan bemeester. Die vertaler sukkel dikwels om die regte woord (of enige woord) in die doeltaal te vind.

3.2.1. Die kommunikasieproses in vertaling

Nord (1997:22) voer aan dat kommunikasie deur tekens geskied, bv. 'n woord of 'n glimlag wat verbale of nieverbale gedrag is wat die sender, ontvanger of albei met 'n begrip of betekenis assosieer. Die sender en ontvanger sal die teken nie noodwendig met dieselfde betekenis assosieer nie. So kan die sender 'n glimlag as sarkasme bedoel, terwyl die ontvanger dit as vriendelikheid vertolk. Nord (1997:23) beweer dat tekens kultuurspesifiek is en dat die gebruik van tekens op 'n spesifieke doel gerig is, naamlik om te kommunikeer. Om die beoogde doel te bereik, moet die sender en ontvanger dieselfde betekenis aan die teken heg. Volgens Bassnett-McGuire (1980:17-18) vertolk die vertaler die betekenis van die tekens in die brontaal en dra die betekenis deur middel van tekens aan die leser van die doeltaalteks oor. Die leser

moet die betekenis van die tekens ken om dit te kan verstaan. Nord (1997:23) wys daarop dat indien die vertaler tekens van 'n bronkultuur gebruik wat die leser van die doelkultuur moontlik verkeerd kan vertolk, dit raadsaam is om die vertaling dienooreenkomstig te merk, deur, byvoorbeeld, van 'n voetnota gebruik te maak.

Larson (1984:421) voer aan dat dit noodsaaklik is dat die vertaler kennis moet dra van sekere faktore van die situasie waarbinne kommunikasie plaasvind en wat die betekenis gedeeltelik bepaal. In die kommunikatiewe situasie is daar ses faktore wat elk 'n verskillende taalfunksie bepaal en 'n verskillende vlak van betekenis verteenwoordig. Jakobson (1960:261-266) en Van den Broeck en Lefevere (1979:36-38) noem en bespreek hierdie ses faktore van die kommunikasiemodel wat soos volg opgesom kan word:

1. Sender (skrywer, outeur, bron, spreker, adresseerder)
2. Onderwerp (inhoud)
3. Boodskap (veral wat vorm en styl betref)
4. Kode (taalsisteem)
5. Kanaal (waardeur die boodskap oorgedra word)
6. Ontvanger (leser, luisteraar, aangesprokene)

Volgens Van den Broeck en Lefevere (1979:36) ontwikkel 'n taalfunksie wanneer klem op een van hierdie elemente in die kommunikatiewe proses geplaas word. Dit gee aanleiding tot ses taalfunksies:

1. Ekspressiewe funksie
2. Referensiële (informatiewe) funksie
3. Estetiese (poëtiese) funksie

4. Metalinguistiese (omskrywings-) funksie
5. Fatiese (verhoudings-) funksie
6. Appellatiewe (fokatiewe, konatiewe, operatiewe, imperatiewe en affektiewe) funksie

Die kommunikasie-model is uitgebrei en verfyn deur die sosiolinguistiese model. Afgesien van die ses taalfunksies van die kommunikatiewe model van Jakobson (1960:261-266) en Van den Broeck en Lefevere (1979:36-38), onderskei die sosiolinguistiese model nog twee taalfunksies, naamlik:

7. Komposisionele taalfunksie
8. Situasionele funksie

Hierdie agt funksies is volledig onder 2.4 bespreek.

Volgens die sosiolinguistiese model word agt faktore onderskei wat 'n rol in die kommunikasieproses speel en wat 'n verskillende vlak van betekenis verteenwoordig (Wendland, 1985:18-20; Nida, Louw, Snyman & Cronje, 1983:46). Vier van hierdie elemente is die **intrinsieke** komponente of linguistiese elemente van kommunikasie wat beteken dat dit die betekenis *per se* saamstel. Die oorblywende vier elemente is die **ekstrinsieke** komponente of ekstralinguistiese elemente van kommunikasie. Volgens Wendland (1985:18) verskaf die ekstrinsieke komponente die moontlikheid om die boodskap te skep, asook die sleutel vir die vertolking van die betekenis en die belangrikheid van die boodskap, alhoewel dit nie 'n integrale bestanddeel van die boodskap self is nie.

1 Intrinsieke komponente (Linguistiese elemente)

*** Inhoud**

Die inhoud is die onderwerp (feite) waaroor die boodskap handel wat uit die kennis en ervaring van die bron gekies is en wat sy/haar geloof, waardesisteem en wêreldsiening insluit (Wendland, 1985:20).

*** Kode**

Die kode is die totale spektrum van linguistiese tekens en die verskeie moontlike reëls en kombinasiepatrone daarvan - met ander woorde die taalsisteem (Wendland, 1985:20).

*** Makrostruktuur**

Die makrostruktuur is die formele rangskikking van die inhoud en verteenwoordig 'n breër ruimte as die mikrostruktuur en is minder formeel van aard. Dit behels die tipe teks of genre wat gebruik word.

Larson (1984:425) onderskei die volgende diskoersgenres:

*** Narratiewe diskoers**

'n Narratiewe diskoers vermaak of gee inligting oor aktuele of legendariese gebeure in die verlede. Dit het ook ten doel om norme en waardes op 'n interessante manier te leer.

*** Verduidelikende diskoers**

'n Verduidelikende diskoers gee inligting oor hoe om iets te doen.

*** Verklarende diskoers**

'n Verklarende diskoers onderrig of gee inligting oor 'n sekere onderwerp.

*** Beskrywende diskoers**

'n Beskrywende diskoers gee inligting oor 'n spesifieke item of

gebeurtenis. Dit beskryf die item of gebeurtenis om inligting daaroor aan die leser te gee.

- * **Aanmanende diskoers**

Die doel van 'n aanmanende teks is om te oorreed, aan te maan, te spot, te dissiplineer of te beveel.

- * **Drama**

Die doel met 'n drama is meestal om te vermaak en die leser emosioneel aan te raak.

- * **Dialoog**

Die outeur kies dikwels dialoog om belangrike gedeeltes van 'n narratiewe teks te beklemtoon.

- * **Mikrostruktuur**

Wendland (1985:20) voer aan dat die mikrostruktuur die uiterlike linguistiese vorme van taal is wat die makrostruktuur uitmaak om 'n teks leksikaal, grammatikaal en fonologies saam te stel - dus die formele literêre metodes.

2 Ektrinsieke komponente (Ekstralinguistiese elemente)

- * **Bron (Sender)**

Die bron is die skepper (outeur) van die boodskap (teks). Die sender is daarvoor verantwoordelik om 'n boodskap te encodeer. Hy/sy kies die inhoud en vorm ooreenkomstig die bepaalde funksie (of samestelling van funksies) wat hy/sy met die teks wil bereik.

Die vertaler tree as tweede sender op. Larson (1984:421) wys daarop dat die vertaler die bedoeling van die outeur goed moet begryp om in staat te wees om

dieselfde inligting en stemming aan die lesers van die doeltteks oor te dra as wat die outeur aan die lesers van die bronteks oorgedra het. Die vertaler moet die bronteks 'n paar maal lees en hom-/haarself die volgende vrae afvra:

- * Wat was die bedoeling van die outeur toe hy/sy hierdie spesifieke teks geskryf het?
- * Watter inligting wil die outeur oordra, watter stemming en watter reaksie verwag hy/sy van die leser?

Die vertaler moet ook let op die outeur se houding teenoor die gehoor en die inligting wat hy/sy oordra (Larson, 1984:422). Elke taal het spesifieke maniere van kommunikasie om hierdie houding van die outeur oor te dra. Dit kan geskied deur 'n direkte stelling oor die bron van die inligting, byvoorbeeld **ek veronderstel dat; dit en dit het blykbaar gebeur**. Die outeur kan ook aandui dat hy/sy die inligting goed- of afkeur.

* Ontvanger

Die ontvanger is die leser van die boodskap (teks). Hy/sy staan ook bekend as die aangesprokene en hy/sy dekodeer die boodskap (teks) en reageer ooreenkomstig sy/haar vertolking van die boodskap.

Volgens Larson (1984:426) speel die sender se houding teenoor die ontvanger 'n belangrike rol in die kommunikasiesituasie, aangesien die outeur aan 'n sekere persoon of groep mense skryf. Die vertaler moet weet vir wie die oorspronklike teks geskryf is en ook vir wie die vertaling bedoel is. Wanneer die vertaler die bronteks ontleed, neem hy/sy die oorspronklike gehoor in ag en wanneer hy/sy die teks na die doeltaal oordra, moet hy/sy die ontvangers in ag neem op wie die vertaling gerig is. Ivir (1975:206) beweer soos volg in dié

verband:

...the speaker adjusts the form of his message and its expression to the intellectual and emotional composition of his receivers, to the historical, social, economic, and other determinants of the world in which he himself and the receivers of his message live, to the aims that he has set himself to achieve with this message, etc.

* Kanaal

Die kanaal is die manier waarop die boodskap (teks) gestuur en ontvang (verstaan) word. Skryf is, byvoorbeeld, 'n medium wat op die visuele kanaal van kommunikasie gegrond is. Die tipes kodes wat gebruik word om te kommunikeer, hang saam met die aard van die kanaal wat vir die oordrag van inligting gebruik word (Kernaantekeninge:10). So is die emosionele toon van 'n teks dikwels die sleutel tot ware kommunikatiewe doeltreffendheid, waardeur die outeur 'n gevoel van dringendheid, oorrading of wanhopigheid oordra. Die vertaler moet die toon van die bronteks in die vertaling - die doelteks - oordra deur die keuse van sekere tye, modaliteit en hoofwerkwoorde (Larson, 1984:425).

* Konteks

Die konteks is die totale omgewingsgesitueerdheid waarin die teks gerealiseer word en sluit aspekte in soos die natuur (geografie), sosiologie (interpersoonlike verhoudings), tegnologie (wetenskap) en konseptuele verwysingsraam (waardestelstel) van die mens. Tekste word voortgebring deur senders in 'n spesifieke tyd, ruimte en kultuur vir ontvangers wat hulle in 'n bepaalde tyd,

ruimte en kultuur bevind (Kernaantekeninge:11).

Taal is deel van kultuur en daarom kan vertaling uit een taal in 'n ander nie voldoende geskied sonder kennis van die twee kulture, asook die twee taalstrukture nie. Ivir (1975:208) stel dit soos volg:

The translator must know the subject matter which he is translating. He must know the culture from which the message originally came as well as the culture for which it is being translated.

Wat goeie kommunikasie in vertaling, en dus die daarstelling van 'n geslaagde vertaling, verder bemoeilik, is dat elke taal sy eie besondere kultuur het en "die vertaling nie net neerkom op die vervanging van een nomenklatuur met 'n ander nie" (Kernaantekeninge:87). Larson (1984:431) maak die stelling dat betekenis deur kultuur bepaal word en dat die reaksie op 'n gegewe teks ook deur kultuur bepaal word. Elke gemeenskap sal dus 'n boodskap volgens sy/haar eie kultuur vertolk. Die lesers van die DT-teks sal die vertaling volgens hul eie kultuur en ervaring dekodeer en nie volgens die kultuur en ervaring van die outeur en gehoor van die oorspronklike teks nie. Volgens Larson (1984:431) is dit die taak van die vertaler om die lesers van die DT-teks te help om die inhoud en bedoeling van die BT-teks te verstaan deur albei kulture in gedagte te hou wanneer hy/sy die teks vertaal. Die vertaler moet dus die gelowe, houdings, waardes en reëls van die bron-, sowel as die doelkultuur, asook hul wêreldsiening wat in kultuur ingebed is, verstaan, om die bronteks te verstaan en dit doeltreffend te vertaal vir mense met 'n ander stel gelowe, houdings, waardes en reëls. In die proses van vertaling het die vertaler dus 'n moeilike

taak en 'n deurslaggewende funksie, naamlik om die vertaalde teks so leesbaar soos die oorspronklike te maak (Van der Merwe, 1958:28).

Volgens Nord (1997:81) speel situasionele faktore soos plek, tyd en geleentheid 'n belangrike rol in literêre vertalings, aangesien dit kultuurspesifieke kenmerke van die bron- en die doelsituasies dra.

Indien die oorspronklike teks in die **omgewing** van 'n woestyn afspeel en die teks vertaal moet word vir persone wat nie so 'n omgewing ken nie, byvoorbeeld persone wat in tropiese woude woon, bemoeilik dit die taak van die vertaler om die regte woordeskat te vind. Selfs al verduidelik die vertaler aan die lesers in die tropiese woude wat 'n woestyn is, sal hulle steeds net 'n vae idee van die begrip woestyn hê. Aspekte soos klimaat, topografie, flora en fauna val ook in hierdie kategorie.

Indien die vertaler 'n teks vertaal wat in 'n ander **tydperk** geskryf is, moet die vertaler die tydperk wat in die teks ter sprake is, behou. Die vertaler moet die historiese inligting in natuurlike, hedendaagse linguistiese vorme oordra. 'n Duidelike, natuurlike vertaling is nie afhanklik van bekende inligting nie. Nuwe inligting, selfs historiese feite, kan op 'n natuurlike en duidelike manier oorgedra word (Larson, 1984:430).

Die vertaler moet bewus wees van die **geleentheid** wat die skryf van die bronteks genoodsaak het om hom/haar te help om die vorm te kies wat in die vertaling gebruik moet word. So, beweer Larson (1984:431), sal 'n politieke toespraak heelwat verskil van 'n toespraak wat tydens 'n begrafnis gelewer word. Elke toespraak het 'n paslike inleiding en afsluiting. 'n Spesifieke genre

sal meer geskik vir die een teks wees as vir die ander en die gehoor sal ook met verskillende aanspreekvorme aangespreek word.

Die betekenis van 'n bepaalde boodskap (teks) is gevolglik die produk van die invloed van al agt sosiolinguistiese en kommunikatiewe faktore (Wendland, 1985:21).

Volgens Newmark (1988:8) kom die vertaler voortdurend voor keuses te staan, byvoorbeeld wanneer hy/sy woorde moet vertaal wat kwaliteit of gevoel uitdruk, soos adjektiewe, bywoorde en adjektiewe naamwoorde, eerder as voorwerpe of gebeure, aangesien daar 'n verskeidenheid beskrywende woorde is waarvan nie almal in 'n bepaalde konteks gebruik kan word nie. Die proses van vertaling bestaan dus daaruit dat die vertaler besluit of woorde of frases bygevoeg of weggelaat gaan word en of hy/sy gaan probeer om alles van die bron- na die doeltaal oor te dra. Die vertaler moet dus 'n grondige kennis hê van die doeltaal- en brontaalkultuur om 'n geslaagde vertaling te kan produseer. Die teikengroep moet ook deurentyd in gedagte gehou word. Van der Walt (1997:16-17) beweer dat daar nie riglyne vir 'n ideale vertaling is nie en daarom moet die vertaler 'n keuse uitoefen oor die vlak van kommunikasie en moet hy/sy besluit watter metode om te volg, naamlik 'n letterlike of woord-vir-woord-vertaling, of 'n vrye of betekenis-vir-betekenis-vertaling. Die enigste werklik belangrike kriterium is dat hy/sy moet probeer om so getrou moontlik aan die oorspronklike te wees. Volgens Hatim & Mason (1990:33) is die vertaler se hoofsaak om 'n teks oor linguistiese en kulturele grense weer te gee. Nida & Taber (1982:24) beweer dat 'n vertaling geslaagd is as dit so na as moontlik aan die oorspronklike teks is wat semantiese en sintaktiese strukture betref en dieselfde uitwerking op die doeltaalleser het as wat dit op die brontaalleser gehad het.

Bill (1982:93) het in die vertaling van 'n Tsonga poësietekst van twee parameters

gebruik gemaak waarvolgens sy werk, nl. getrouheid en natuurlikheid. Sy definieer hierdie twee parameters soos volg:

By fidelity I mean faithfulness to the original message. By naturalness, I mean the reproduction in English of the original message in Tsonga, so that the English reader will perceive it with all the nuances of meaning, and with something of the emotional impact which the message conveys to a Tsonga reader (Bill 1982:93).

Bill (1982:93) gaan van die standpunt uit dat wanneer daar binne die parameters van getrouheid en natuurlikheid gewerk word, die vertaling geslaagd sal wees. Bill waarsku egter dat daar gevare vir die vertaler aan hierdie proses verbonde is: Indien die vertaler te veel op die vorm van die boodskap konsentreer en dan probeer om dit te naby in terme van sintaksis, een-tot-een-ekwivalensie in leksikale items en selfs fonologie weer te gee, sal hy/sy 'n te letterlike weergawe van die oorspronklike teks gee waarin die kommunikasie van die betekenis inderdaad ondoeltreffend sal wees. As die vertaler egter te veel op ekwivalensie van betekenis fokus en te veel daarop ingestel is om die gevoel en die emosionele impak van die betekenis weer te gee, loop hy/sy die gevaar om die outeur se denke te parafraseer en is dit moontlik dat die vertaler nie daarin slaag om daardie elemente van vorm weer te gee wat wel tot die betekenis bydra nie (Bill, 1982:93).

3.3. DIE LITERÊRE VERTAALPROSES

Volgens Larson (1984:3) is vertaling basies 'n verandering van vorm. Die betekenis van die brontaal word in die doeltaal oorgedra. Die betekenis wat oorgedra word, moet onveranderd bly, slegs die vorm verander.

Larson (1984:3) beskryf vertaling soos volg:

Translation, then, consists of studying the lexicon, the grammatical structure, and the communication situation of the source language text, analyzing it in order to determine its meaning and then reconstructing this same meaning using the lexicon and grammatical structure which are appropriate in the RECEPTOR LANGUAGE and its cultural context.

Newmark (1982:144) voer aan dat daar drie stappe in die proses van vertaling is:

- * Die eerste stap van 'n vertaling is die ontleding van die bronteks om die betekenisvolle verhouding tussen woorde en woordgroepe vas te stel. Daarby moet die referensiële en konnotatiewe betekenisse van woorde en woordgroepe en die verhouding van die taalgebruikers ten opsigte van woorde en woordgroepe het, vasgestel word.
- * Die tweede stap is die oordrag van die brontaal na die doeltaal in die gedagtes van die vertaler. Tydens hierdie proses moet die vertaler die inhoud van die boodskap, sowel as die konnotatiewe en emotiewe elemente van die boodskap oordra. Daarna moet hy/sy poog om die oorspronklike vorm van die teks te behou, maar nie ten koste van die inhoud, die konnotatiewe en emotiewe elemente van die boodskap nie.
- * Die derde stap in die proses van vertaling is die proses van herstrukturering waartydens die boodskap in die doeltaal geformuleer moet word. Taalvariasies moet in aanmerking geneem word, byvoorbeeld die taalgesitueerdheid in die gemeenskap ten opsigte van kultuur. Dit bepaal ook die keuse van die tipe

diskoers en styl.

Larson (1984:3) se omskrywing van vertaling en Newmark (1982:144) se drie stappe in die proses van vertaling kan ook op die vertaling van literêre werke van toepassing gemaak word.

3.3.1. Spesifieke probleme met betrekking tot literêre vertaling

Anne Cluysenaar (1976:49) beweer dat die vertaler elke individuele struktuur van die BT-tekst in ag moet neem wanneer hy/sy bepaal wat van die BT-tekst behoue moet bly, of dit nou prosa of poësie is, aangesien elke struktuur sekere linguistiese eienskappe of vlakke sal beklemtoon en nie ander nie. Wat nodig is, is 'n beskrywing van die dominante struktuur van elke individuele werk wat vertaal moet word. Bassnett-McGuire (1980:77-78) wys daarop dat Lotman van die standpunt uitgaan dat baie vertalers nie daarin slaag om te verstaan dat 'n literêre tekst uit 'n komplekse stel sisteme opgemaak is wat in dialektiese verhouding met 'n ander stel sisteme buite die grense van die literêre tekst bestaan nie. Sommige vertalers van literêre tekste fokus op spesifieke linguistiese eienskappe of vlakke van 'n tekst ten koste van ander. Hierdie linguistiese eienskappe of vlakke van die tekst is die volgende:

- (1) Waar daar op die inhoud gefokus word, bv. die poëtiese argument of parafrase. Dit lewer geheel en al 'n ondoeltreffende vertaling op.
- (2) Waar die kompleksiteit van die struktuur van 'n werk beklemtoon word, asook die manier waarop die verskillende vlakke in interaksie met mekaar is. Dit is die ideale beginpunt.

- (3) Waar een vlak van die werk meer uitgelig word vir 'n spesifieke doel.
- (4) Waar elemente ontdek word wat nie basies tot die skepping van die teks is nie en dit vir sy eie doel gebruik word. Laasgenoemde twee posisies kan bruikbaar wees. Die vierde posisie is feitlik onvermydelik wanneer die teks tot 'n kultuurstelsel behoort waar daar tyd-ruimtelike afstand is (Bassnett-McGuire, 1980:77-78).

Bassnett-McGuire (1980:79-80) voer verder aan dat die vertaler die struktuur van die literêre werk in die geheel en die verhouding daarvan tot die tyd en plek waarteen die werk afspeel, in die vertaling in ag moet neem.

Corti (1978:145) huldig ook die standpunt dat letterkunde die toestand en plek van kommunikasie tussen die skrywer en die leser is. Sy verduidelik hierdie standpunt soos volg:

Every era produces its own type of signedness, which is made to manifest in social and literary models. As soon as these models are consumed and reality seems to vanish, new signs become needed to recapture reality, and this allows us to assign an information-value to the dynamic structures of literature (Corti, 1978:145).

Volgens Van den Broeck en Lefevere (1979:179-189) word die vertaler van literêre tekste met die volgende probleme gekonfronteer:

1. Die probleem van **styl**, dit wil sê maniere om die effek wat in die bronteks op linguistiese vlak bereik word, ook in die doelteks te bereik. Die vertaler moet

dus nie net die stilistiese effekte van die outeur van die bronteks ontleed nie, maar hy/sy moet ook bepaal watter uitwerking die outeur daarmee wil bereik.

2. Die probleem van **genre**: verskillende literêre genres stel verskillende eise aan vertalers wat probleme binne 'n bepaalde genre kan oplos en binne 'n ander bepaalde genre weer nie.
3. Die probleem van die praktiese eise wat die **ontvangers** aan vertaling stel en die mate waarin die vertaler aan die eise moet voldoen en nie. Verskillende lesers sal verskillende eise aan die vertaling van 'n literêre teks stel. So sal die leser wat 'n roman met 'n vreemde kultuur lees met die bedoeling om hom/haar van sy/haar eie kultuur te onttrek, elke poging tot gelykmaking van die twee kulture as verraad ervaar, terwyl die leser wat meer oor 'n vreemde kultuur te wete wil kom 'n vertaling wat streng volgens die teks is, dus 'n kommunikatiewe vertaling, frustrerend sal vind. Daar is 'n groot verskil tussen die vertaler vir wie dit hoofsaaklik daarom gaan om die bronteks op 'n wetenskaplik verantwoordbare manier toeganklik te maak en die vertaler wat nie soveel klem daarop lê nie.
4. **Spesialisering** of **intertekstualiteit** is ook deel van literêre tekste. Intertekstualiteit verwys na die faktore wat dit moontlik maak dat kennis van een teksstruktuur die interpretasie van ander soortgelyke teksstrukture sal beïnvloed. Die teks skep die konteks net soos die konteks die teks skep. Betekenis ontstaan uit die friksie tussen die twee. Dit beteken dat 'n deel van die omgewing vir enige teks 'n stel vorige tekste is, tekste wat as vanselfsprekend aanvaar word tussen daardie wat plaasvind, bv. 'n literêre teks wat na een of meer literêre of nieliterêre tekste verwys, naamlik parodie, die

verwysing binne een bepaalde teks na 'n ander teks, naamlik 'n aanhaling, die gebruik van geykte formules. Hierdie soort intertekstualiteit behels nie net die meer vanselfsprekende eksperimentele eienskappe wat die konteks uitmaak nie, maar ook ander aspekte van die betekenis soos logiese opeenvolging wat as geldig beskou word, selfs interpersoonlike eienskappe soos of 'n vraag veronderstel is om beantwoord te word of gebruik word as 'n stap in die ontwikkeling van 'n argument. Gekodeerde uitdrukkings word ook gebruik en word van een teks na 'n ander oorgedra en dui aan wat besig is om te gebeur of wat volgende gaan gebeur (Halliday & Hasan, 1985:47). Hoe meer gespesialiseerd die teks is, hoe moeiliker sal dit verstaan en vertaal word, omdat die tekste in die doelliteratuur waarna dit verwys, nie toeganklik is nie. Kennis van die verskillende tipes genres, asook kennis van ander tipes tekste, soos koerantberigte, wetenskaplike artikels, ens., is hier van belang.

3.4. GENRE-INDELING VAN LITERÊRE WERKE IN NOORD-SOTHO

Volgens Groenewald (1987:111) lei die formele kriteria by die indeling van literêre genres in Noord-Sotho tot drie basiese kategorieë, naamlik poësie, prosa en dialoogstukke.

1. Die poësie bestaan uit die volgende:
 - 1.1. Epiese gedigte, nl. die verhalende gedig en die ballade
 - 1.2. Liriese gedigte, nl. die elegie, die liefdesgedig en die verskillende liedsoorte, bv. kerkliedere, wiegeliedjies, werks- en spelliedere
 - 1.3. Didaktiese gedigte, nl. die satiriese en moraliserende gedigte
 - 1.4. Deklamatoriese gedigte wat die verskillende prysliedsoorte behels.

Die Noord-Sotho poëtiese genres word eintlik nie formeel gedefinieer nie, behalwe die sonnet.

2. Die basiese kriterium vir die prosagenres is die lengte van die verhaal. Daar word tussen kort- en langverhale onderskei. Subkriteria word in aanmerking geneem om ook vir die biografie en die essay voorsiening te maak.
3. Die dialoogstukke word verdeel in tragedies, dramas met 'n historiese of 'n sosiokulturele agtergrond, asook 'n burlesk en diereverhale in die vorm van dialoog.

Sebilwane is 'n epiese gedig. Volgens Groenewald (1987:112) is die epiese gedig die enigste genre in Noord-Sotho wat tans gevestig is.

Die epiese gedig is 'n gewilde digsoort in Noord-Sotho. Groenewald (1987:112) sit die eienskappe van die epiese gedig in Noord-Sotho soos volg uiteen: Die epiese gedig is betreklik lank en word deur 'n duidelike verhaalgang gekenmerk. Die taal is beeldryk en verhewe, die verhaalgang vloei stadig en die gebeure en voorwerpe wat daarin ter sprake kom, word in fyn besonderhede beskryf. Die hoofkarakters word sterk geteken en hulle word as besondere mense uitgebeeld, hoewel hulle steeds ten opsigte van hulle vermoëns en onvermoëns mense bly, sodat geeneen van die werke as 'n epos in die ware sin van die woord beskryf kan word nie. Die daede van helde of beroemde mense word nie hierin besing nie en die gedig handel ook nie oor historiese gebeurtenisse nie. Die outeur staan objektief teenoor die mense en gebeure wat uitgebeeld word.

Die digter van *Sebilwane* besin oor die lewe-dood-problematiek. Dit word deur besondere beeldhouetegniek gekenmerk wat dit van die verhaal afsonder en wat minder doeltreffend is met betrekking tot die beskrywing van tyd wat verloop, van 'n opeenvolging van handeling of gebeurtenisse.

3.5. DIE WAARDE VAN DIE VERTALING VAN NOORD-SOTHO LITERÊRE WERKE

Cluver (1988:4) gaan van die standpunt uit dat elke kultuur die kategorieë weerspieël wat die sprekers ontwikkel het om verskynsels in die eksterne wêreld te klassifiseer. Beuchat en Valdivieso (1992:9) sluit hierby aan deur aan te voer dat vertalings kulture oorbrug en "provide knowledge about the unique characteristics of each culture". Volgens hulle is dit 'n manier waarop menslikheid, verdraagsaamheid en internasionale begrip geskep kan word, aangesien vertalings die eindelose verskeidenheid van menslike kulture in die wêreld weerspieël. Die vertaalde teks uit die vreemde kultuur bied aan die leser 'n leerervaring.

In die lig van hierdie siening van Beuchat en Valdivieso is sinvolle en doeltreffende vertaling dus 'n noodsaaklike vereiste vir interkulturele kommunikasie. Volgens Newmark (1988:96) moet "recognition of the cultural achievements referred to in the SL text" hierby ingesluit wees, aangesien elke bevolkingsgroep se lewensbeskouing in hul moedertaal verwoord word. Die lewensbeskouing van 'n bepaalde bevolkingsgroep is nie altyd toeganklik vir iemand wat nie die taal ken nie. Dit gee aanleiding tot misverstande tussen bevolkingsgroepe weens die gebrek aan kennis van die tradisionele persepsies en gelowe van 'n bepaalde bevolkingsgroep. Die gewoontes, gebruike en gelowe van 'n bevolkingsgroep spreek duidelik uit literêre werke van skrywers van 'n betrokke bevolkingsgroep. Die vertaling van hierdie literêre

werke om dit sodoende toeganklik vir ander bevolkingsgroepe te maak, kan die middel wees waardeur 'n sekere mate van interkulturele kommunikasie bewerkstellig kan word om sodoende misverstande uit die weg te ruim.

Literêre werke in Noord-Sotho gee 'n kykie in die geskiedenis en die lewe van die tradisievolle Noord-Sotho mense. Alhoewel die Afrikakultuur baie dinge van die Weste aanvaar het, veral op materiële en tegnologiese gebied, het hulle nie hul basiese tradisionele lewensbeskouing laat vaar nie. Pretorius (1997:70) beweer dat baie standpunte oënskynlik ondergeploeg is, maar dat dit nog steeds onder die tradisiegetroue Noord-Sotho in veral die plattelandse gebiede voortbestaan.

Hoe verder die nuwe staatsbedeling vorder, hoe duideliker kom die kultuurverskille, en dus ook die verskille in wêreldbeskouing, tussen die verskillende bevolkingsgroepe na vore. Volgens Van Niekerk (1992:6) is dit duidelik dat ons geen oplossing het vir die vraag na hoe die verskille in wêreldbeskouing tussen die verskillende bevolkingsgroepe binne dieselfde ruimte geakkommodeer moet word nie. Hy is ook van mening dat heelwat vordering gemaak sal kan word as "...die Westerling die Afrika-mens se vrese vir bose geeste en towery kan peil en help besweer". Vertalings van Noord-Sotho literêre werke is noodsaaklik vir beter begrip van dié besondere bevolkingsgroep in Suid-Afrika. Dit is dus belangrik dat meer soortgelyke vertalings gedoen moet word sodat meer onderlinge kennis van die tradisies, geskiedenis en gebruike van die verskillende etniese groepe toeganklik gemaak word vir verskillende lesers sodat ook meer wedersydse begrip gekweek kan word.

3.6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die elemente wat 'n vertaling moet besit om met die leser te kommunikeer. Aandag is ook geskenk aan wat 'n geslaagde vertaling en 'n doeltreffende vertaling is en die uitsprake van verskillende kenners daaromtrent is gegee. 'n Genre-indeling is verder van literêre werke in Noord-Sotho gegee. Die noodsaaklikheid van die vertaling van Noord-Sotho literêre werke is ook gemotiveer. In die volgende hoofstuk gaan gekyk word na die probleme wat teëgekom is by die vertaling van *Sebilwane* en die voorstelle wat as moontlike oplossings vir hierdie probleme gegee word.